

BRUGWOORDELYS

(Engels - Afrikaans)

en omskrywings van Afrikaanse begrippe

Samesteller – Johan Dorfling

VOORWOORD

Die oogmerk met hierdie woordelys is om die groot leemte aan 'n eenvormige en volledige Afrikaanse woordeskat vir brugspelers aan te vul. Eintlik bestaan daar wel 'n goeie Afrikaanse woordeskat, maar betreklik min brugspelers is op die hoogte daarvan omdat dit nêrens versamel is of maklik nageslaan kan word nie.

Daar is 'n toenemende belangstelling onder Afrikaanssprekendes om brug te speel. Veral tuisspelers en etensstydspelers het die afgelope aantal jare talryker geword en aldus het die behoefte aan 'n saamgestelde woordelys al hoe sterker geword.

In die soeke na 'n meer volledige en bruikbare woordeskat is daar onder meer by Vlaams, Nederlands en Duits kers opgesteek om Afrikaans sodoende te verryk en die Germaanse inslag van Afrikaans te behou. Versigtigheid is egter aan die dag gelê om woorde wat met die taaleie bots, nie op te neem nie.

Sommige woorde wat deur Nederlanders gebruik word, het nie inslag in Afrikaans gevind nie. Waar sodanige woorde nogtans in ander Afrikaanse woordeboeke verskyn, was dit aanvanklik in hierdie woordelys opgeneem, maar nou weggelaat omdat dit enersyds nie deur Afrikaanssprekendes gebruik word nie en andersyds nie in die Afrikaanse idioom pas nie. Een voorbeeld is die benaming blindeman wat teenoor die troefmaker sit. Hierdie speler is in geen opsig "blind" nie, nie letterlik of figuurlik nie. Hy beweeg in die skadu van die troefmaker en die benaming skaduspeler is meer gepas en word algemeen so gebruik.

Regstreekse vertaling vanuit Engels is dikwels nie aanvaarbaar of duidelik nie. Byvoorbeeld, volgens die Engelse spelreëls van brug beteken "cancelled call" dat 'n roep ongeldig is en nie dat dit ingetrek is nie. Die benaming "international match point" is ook verwarrend omdat dit nie 'n werklike beskrywing van die telwyse is nie en te lank is om inslag te vind. "International match points" word meermale ook op plaaslike vlak toegepas en is in werklikheid 'n glytelling. Glytelling is dan ook die woord wat by Afrikaanssprekendes byval gevind het.

Die eerste bladsye bevat 'n woordelys van Engelse begrippe met die Afrikaanse gelykes daarby en daarna is die Afrikaanse bewoordinge en uitdrukkinge betekenisvol toegelig. Dat verbeteringe en uitbreidings aangebring kan word, is altyd moontlik, veral omdat hier 'n nuwe veld is. Gebruikers word derhalwe vriendelik versoek om geduldig te wees met kritiek. Opbouende kommentaar, voorstelle en raadgevinge is welkom en sal nie alleen waardeur word nie, maar vervolgens opgeneem word.

Nadat (swakker) pogings van die woordelys versprei is, het verskeie opstellers van Afrikaanse en van tweetalige woordeboeke gunstige kommentaar gelewer. Onder andere het dr Mariëtta Alberts van die Nasionale Terminologiesiens van die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie geskryf:

"Ek het vandag u Brugwoordelys via die Staatstaaldiens ontvang en is baie bevind daarmee. Dit is beslis 'n baie positiewe bydrae tot die uitbreiding van Afrikaanse terminologie."

Dit en ook haar latere aanmoediging was voldoende aansporing om mettertyd verbeteringe aan te bring en toevoegings te maak wat in hierdie uitgawe vervat is. Sy het dit gestel dat haar eerste indruk was dat dit 'n positiewe bydrae sou lewer tot die uitbreiding van Afrikaans en dat my volgende pogings haar nie van opinie laat verander het nie. Dankie vir u ondersteuning om aan 'n wankelrige begin meer vastigheid te gee.

Ook op aandrang en met aanmoediging van medebrugspelers is die woordelys volledig hersien en heelwat uitgebrei om meer omvattend te wees. Aanvanklike leemtes en glipse is nou allig uitgestryk.

Aanvanklik is by die meer alledaagse begrippe gehou, maar omrede die oplewing onder Afrikaanssprekendes om brug te speel, is die behoefte aan 'n meer omvattende woordelys waargeneem. Dit ondervind ons ook by die groeiende getal nuwelinge wat by ons brug-akademie aanmeld. Mag hierdie eerste werklik gangbare uitgawe beter in die behoeftes voorsien en Afrikaans tot sy volle reg in die brugwêreld laat kom.

Die Samesteller – 25 Oktober 2002

As gevolg van daadwerklike ondersteuning van soveel welmenende brugspelers en ook woordeboekmakers is opnuut na die meer algemene gebruikstaal in bruggeledere gekyk en enkele bykomende woorde bygevoeg. Daar word vertrou dat die geringe aanvullings en verbeteringe vir alle gebruikmakers van waarde sal wees.

Wat besonder waardeer word is die aanmoedigende kommentaar wat vanuit gesaghebbende oorde ontvang is. Dit is werklik 'n riem onder die hart en 'n werklike bewys dat ons taalleiers erns het met die handhawing van Afrikaans. Ek haal dele van hulle kommentaar aan.

Prof Fritz Polenis, Departementele Voorsitter, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Stellenbosch: "Dit is 'n belangrike en nuttige kultuurbydrae tot Afrikaans wat groot toewyding van u geverg het."

Dr D J van Schalkwyk, Hoofredakteur, Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT): "U boek lewer 'n belangrike bydrae tot die uitbreiding van ons materiaalversameling en ons strewe om die algemeen gebruiklike Afrikaanse vaktaal so volledig moontlik aangeteken te kry."

Madeleine du Plessis, Hoofredakteur, Pharos Woordeboeke: "Ek plaas u netjies saamgestelde lys saam met 'n ryke verskeidenheid van ander vaklyste op my rak - ons sal dit beslis in die loop van ons werk oor baie jare gebruik."

Ek wens daar was ander mense met kundigheid op allerlei terreine wat uit liefde vir Afrikaans dieselfde wou doen!"

Jana Luther, Besturende redakteur, NB-Uitgewers Beperk: "Dit is die enigste Afrikaanse naslaanbron oor dié spel en word gereeld deur ons redaksielede en medewerkers geraadpleeg."

Brugspelers het verklaar dat hulle nou meer op die gebruik van Afrikaans ingestel is en dat hulle trots op so 'n mooi taal toegeneem het. Hierdie lys was tot groot hulp by die vertaling van die Spelreëls vir Kontrakbrug wat wêreldwyd eenvormig toegepas word, dog vanselfsprekend net in Engels deur die Wêreld Brugfederasie beskikbaar gestel word.

Dit is ondoenlik om almal wat ondersteuning gegee en gelukwense oorgedra het by name te noem, daarom word dank teenoor hulle almal uitgespreek.

Die Samesteller – 30 September 2003

Die belangstelling in Afrikaanse woorde en uitdrukkings rakende die kaartspel brug het die verwagtinge ver oortref, asook die bydraes en ondersteuning wat selfs vanuit België en Nederland ontvang is. Waar die opstel van hierdie woordelys aanvanklik meer oppervlakkig gedoen is om Afrikaanssprekende brugspelers tot hulp te wees, het sake op 'n natuurlike wyse so ontwikkel dat al hoe meer daarop uitgebrei is.

Hou asseblief in gedagte dat hierdie woordelys saamgestel is met die oogmerk dat dit vir brugspelers tot hulp sal wees. Dieselfde woorde het ook ander betekenisse as dit in ander velde gebruik word, soos byvoorbeeld die woord spelleier. Op die gebied van brug het dit egter slegs die betekenis soos hierin beskryf. Dieselfde met woorde soos kap en vousakkie, en 'n woord soos kleur dui nie werklik 'n kleur aan nie, maar een van die vier reekse kaarte wat gebruik word.

Dit is ook baie duidelik dat Afrikaanssprekendes algaande meer en meer in die brugspel belangstel en dat die behoefte aan 'n vollediger woordeskat groter is as wat die samesteller vermoed het. Hierdie is dus 'n aangepaste, uitgebreide en aansienlik omvangryker uitgawe om in die behoefte te voorsien. Steeds is alle voorstelle welkom sodat die taal lewendig kan bly. Nie alleen word voorstelle verwelkom nie, maar ook navrae waar daar moontlik nog leemtes bestaan.

Die Samesteller – 21 Junie 2004

By hierdie geleentheid om 'n omvattende boek oor die administratiewe kant van brug saam te stel, het dit as vanselfsprekend gekom dat die Afrikaanse woordeskat aangevul word om dit meer volledig te maak. Onder andere het die hersiene spelreëls vir brug 'n paar nuwe begrippe na vore gebring, nuwe woorde wat tans algemeen in gebruik is, is bygevoeg, en ag is geslaan op ontwikkeling en verwickelinge. By alles bly hierdie mensewerk en sal herbewerking steeds in die toekoms gedoen moet word, want vooruitgang is die wagwoord by mense wat doelgerig en daadkragtig is.

Aan die einde van die woordbeskrywings is enkele afkortings wat dikwels gebruik word en hulle betekenisse, aangedui. Enkele beskrywende Afrikaanse benamings vir wisselstelsels is ook as aanvullend verstrekkend, alhoewel dit nie (nog nie) besonder gesaghebbend is nie.

Die Samesteller – 26 Januarie 2009

Brugspelers kan veeleisend wees. 'n Hele paar van my brugspelende vriende het voorgestel en my aangemoedig om meer woordbeskrywings op te neem omdat "Afrikaans werklik 'n omvattende taal is en waar moontlik moet dit so in die praktyk bevestig word". Onder soveel goedbedoelde druk was ek verplig om enkele gepaste woorde en uitdrukkings tot die bestaande woordelys toe te voeg.

Die samesteller – 5 Mei 2010

BRUGWOORDELYS (ENGELS - AFRIKAANS)

above the line	- bo die lyn
accept	- aanvaar
ace	- aas
ace-grabber	- A-gryper
additional points	- hulppunte
adjacent suits	- aanliggende kleure
adjusted score	- aangepaste telling
adversary(ies)	- teenspeler, teenpaar
agenda	- ordelys, sakelys
aggregate score	- versamelde telling
agreement	- afspraak, ooreenkoms
agreed suit	- ooreengekome kleur
alert	- bedag
anchor pair	- ankerpaar
appeal	- appèl
appeals committee	- appèlraad
appendix table	- aanvullende tafel
approach bid	- nutsbod
approach club	- nutsklawer
artificial bid	- afspraakbod
asking bid	- vrabod
assess penalty	- straf oplê
assigned score	- toegewese telling
attacking play	- aanvallende spel
attitude	- belangstelling
attitude signal	- wenkkaart
auction	- bieding, roep, roepverloop
auction bridge	- vendusiebrug
auction period	- roeptydperk
authorised information	- geoorloofde inligting
average score	- gemiddelde telling
average minus	- gemiddeld minus
average plus	- gemiddeld plus
avoidance	- vermyding
back of a card	- rugkant van 'n kaart
balanced distribution	- gelyke verdeling
balanced hand	- gelykverdeelde hand
balancing bid	- skermbod
bare	- alleen
barred bid/play	- verbode bod/speel
below the line	- onder die lyn
better minor	- beste kleinkleur
bid	- bie, bod
biddable suit	- biedbare/roepbare kleur
bidder	- bieër, roeper
bidding	- bieding, roep

bidding box	- roepkaartkassie
bidding cards	- roepkaarte
bidding level	- roepvlak
bidding space	- roepruimte
bidding system	- roepstelsel
blind lead	- terloopse uitkom
block	- blokkeer, blokkasie
board	- houer, laai
board-a-match	- wedstrydpunte-per-hand
booby prize	- poedelprys
book	- boekie
bottom	- nuller
brake	- afrem
break	- splitsing
bridge	- brug
bridge drive	- brugkamp
bridge home	- brugtuiste
bridge wallet	- kaartesakkie, vousakkie
broken suit	- gebroke kleur
business double	- strafdoeblering
bye	- vrybeurt
byestand	- aflostafel
by-law	- voorskrif
caddy	- besteller
calculation of score	- tellingberekening
call	- roep
cancelled	- ingetrek, onttrek, opgehef, teruggetrek
cancelled call	- ongeldige roep
captain	- kaptein
capture	- onderskep
card holder	- kaarthouer
card reading	- kaartplasing
card sense	- kaartvaardigheid
cash	- neem
chairman	- voorsitter
championship	- kampioenskap
chance card	- moontlike wenner
change of suit	- kleur verander
cheapest bid	- laagste roep
Chicago	- beurtbrug
claim	- eis, aanspraak
clarification period	- toeligtingstydperk
clear	- losspeel
closed hand	- toehand
closed room	- geslote vertrek
club(s)	- klawer(s)
cold	- maklik
come-on signal	- volhouteken

communicate	- gesprek voer
competition	- kragmeting, mededinging, wedstryd
competitive bid	- teenbod
competitive call	- teenroep
competitive bidding	- meedingende bieding
competitive double	- deelneemdoeblering
computer slip	- rekenaarstrokie
concealed call	- heimlike roep
concede	- besgee, gewonne gee
concession	- oorgawe
condone	- goedmaak
conduct	- gedrag
consolation prize	- troosprys
constitution	- grondwet
contest	- kragmeting
contestant	- deelnemer
contract	- kontrak
contract bridge	- kontrakbrug
control card	- stuiiter, keerkaart, beheerkaart
convention	- afspraak, verstandhouding
conventional bid	- afspraakbod
convention card	- stelselkaart
correction	- regstelling
count signal	- lengteteken
coup	- kneep
court card	- prentkaart
cover	- dek
crossruff	- kruistroef
crosstrump	- kruistroef
cue bid	- wenkbod
cut	- koepeer
danger hand	- gevaarhand
datum score	- emtelling
dead	- vas
deal	- deel, uitdeling
dealer	- deler
deception	- misleiding
decision	- besluit
deck	- pak
declarer	- troefmaker
deep finesse	- diep snit
defective trick	- gebrekkige pakkie
defender	- verdediger
deficient hand	- gebrekkige hand
delayed bid	- verletbod
demand bid	- dwangbod
denomination	- toedeling
deuce	- twee

developed a suit	- losspeel van 'n kleur
diagram notation	- skryftekens
diamond(s)	- ruit(ens)
direction	- rigting
director	- spelleier
discard	- weggooi
disciplinary committee	- tugraad
discouraging card	- ontmoedigende kaart
discovery play	- verkenningspel
distribution	- verdeling, verspreiding
distributional points	- verdelingspunte
double	- doebleer, doeblering
double dummy play	- oopkaartspel
double dummy problem	- oopkaartprobleem
double finesse	- dubbele snit
double jump	- dubbele sprong
double raise	- dubbele steun
doubleton	- tweekaart
down	- af
draw	- trek
drive	- kamp
drive out	- uitdwing
drop	- val
dub	- dissel
duck	- duik, koes
duffer	- sukkelaar
dummy (hand)	- oophand
dummy (person)	- skaduspeler
dummy reversal	- oophandomkering, omkeerspel
duplicate bridge	- naspeelbrug
duplication of distribution	- saamval van verdeling
duplication of values	- oorvleueling van waardes
East	- Oos
echo	- kaats
eight ever nine never	- agt immer nege nimmer
element	- skof
encouraging card	- aanmoedigende kaart
endplay	- eindspel
entry card	- toegangskaart
equalising	- gelykstelling
equal value	- gelyke waarde
establish a suit	- losspeel van 'n kleur
ethics	- eerbaarheid
etiquette	- hoflikheid
even cards	- ewe kaarte
event	- kragmeting, wedstryd
exhaust	- uitput
exhibition play	- vertoonspel

exit card	- uitgangskaart
expert	- ervare speler
exposed card	- vertoonde kaart
exposed hand	- oophand
extraneous information	- onbehoorlike inligting
extra values	- bykomende waardes
face of a card	- beeldsy van 'n kaart
face card	- prentkaart
factoring of score	- gelykstelling
false card	- valskaart
feature	- eienskap
field	- veld
final bid	- eindbod
final pass	- eindverby
final round	- eindronde
finesse	- snit, sny
first hand	- eerstehand
fit	- passing
five-card major	- vyfkaart-hoofkleur
flat	- kiets
flighted tournament	- trappiestoernooi
follow suit	- kleur beken
force out	- uitdwing
force play	- dwangspel
forcing bid	- dwangbod
forfeit	- verbeur
fork	- vurk
fouled board	- onklaar hand
four-card major	- vierkaart-hoofkleur
four deal bridge	- beurtbrug
foursome	- viertal
fourth-best or fourth-highest	- vierdehoogste
fourth hand	- vierdehand
fragment bid	- greepbod
freak	- frats
free bid	- vrywillige/ongedwonge bod/roep
free finesse	- vrye snit
fund-raiser	- fondsbouer
gambit	- gambiet
game	- been, spel, voordeel
good cards	- goeie kaarte
go to bed	- slaap
grand slam	- groot kap
Greek gift	- Trojaanse perd
guard	- skild
guide card	- gidskaart
half table	- halwe tafel
hand	- hand

handicap	- voorgeespel
hand pattern	- verdeling
hand record	- opgetekende hand
heart(s)	- hart(ens)
hesitation	- aarseling, weifeling
high card	- hoë kaart
high-card point count	- hoëkaartpunte
high-low	- kaats
hog	- roepvraat
hold up	- terughou
home	- tuiste
honour	- eer
honour trick	- wenkaart, wenner
idle card	- onbenullige kaart
illegal	- onregmatig
incomplete call	- onvoldoende aanduiding
incomplete hand	- feilhand
incomplete pack	- feilpak
indices	- kentekens
individual movement	- enkelspel-wisseling
inference	- afleiding
infraction of a law	- verbreking van 'n reël
inner sequence	- tussenreeks
in rotation	- in beurt
instant scoring	- sneltelling
insufficient bid	- ontoereikende bod
insult	- afjak
interference bid	- hinderbod
interior sequence	- tussenreeks
intermediate cards	- middelkaarte
international match point (IMP)	- glytelling (GTL)
intervene	- toetree
intervening bid	- tussenbod
invitation bid	- versoekbod
irregularity	- onreëlmatigheid
jack	- boer
Jettison	- ontblok
joker	- asjas, nar
jump bid	- springbod, springroep
jump overcall	- sprongteenbod
jump preference	- sprongvoorkeur
jump shift	- skuifsprong
junior player	- jeugdiger speler
keeping the bidding open	- roep oophou
kibitzer	- kyker
king	- heer
kitchen bridge	- kombuisbrug
knave	- boer

knock-out match	- uitklopkrugmeting
law of total tricks	- raming van wenpakkies
laws of the game	- spelreëls
lead	- slag, voorspeel, voorspeelkaart, vrakaart
lead directing bid	- voorkeurbod
lead directing double	- voorkeurdoblering
leader	- voerspeler
lead penalty	- voorspeelstraf
lead through strength	- voorspeel deur sterkte
lead up to weakness	- voorspeel na swakte
league	- liga
left hand opponent	- nahandse (teen)speler
leg	- been, voordeel
legal	- regmatig
leisure time science	- vrytydwetenskap
length	- lengte
level of bidding	- roepvlak
levy	- heffing
limit bid	- sperbod
limit raise	- spersteun
line of play	- speellyn
long suit	- lang kleur
loser	- verloorkaart
loser-on-loser	- verloorder-op-verloorder
low card	- lae kaart, syferkaart
major suit	- hoofkleur
make	- maak
management committee	- beheerraad
mannerism	- maniertjie
master	- meester
master points	- meesterpunte
match	- kragmeting, wedstryd
match points	- wedstrydpunte
menace	- bedreiging
meeting	- vergadering
member	- lid
membership fees	- ledegeld
middle game	- middelspel
mind game	- dinkspel, dinksport
minibridge	- alfabrug
minor suit	- kleinkleur
misboard	- misplasing (in 'n vousakkie of laai)
misdeal	- foutiewe deel
misfit	- wanpassing
missing card	- ontbrekende kaart
mixed pairs	- gemengde pare
monthly letter	- maandbrief
move	- wissel

movement	- wisseling
movement card	- gidskaart
natural bid	- gewone bod
negative double	- wenkdoeblering
negative response	- afwysende volgbod
no bid	- verby
non-forcing bid	- spontane bod
North	- Noord
no trump	- geen troef
not vulnerable	- nie-kwesbaar
novice	- nuweling
nuisance bid	- hinderbod
odd cards	- onewe kaarte
odd-even	- ewe-onewe
odd trick	- skikpakkie
offender	- oortreder
office-bearer	- ampsdraer, ampsbeksleër
off-side	- onkant
one suiter	- eenkleurhand
on-side	- aan kant
open	- insit
opener	- eersteroeper, insetter
opening bid	- insetbod
opening lead	- uitkom, uitkomkaart
opponent(s)	- teenspeler, teenpaar
out of rotation	- buite beurt
out of turn	- buite beurt
overbid	- oorroep
overboard	- oorboord
overcall	- teenbod, teenroep
overruff	- oortroef
overtake	- oorneem
overtrick	- bopakkie
pack	- pak
pair	- paar
partial designation	- onvoldoende aanwysing
partner	- maat, speelmaat
partnership	- vennootskap
part score	- deelbeen, deeltelling
pass	- verby
passive play	- veilige spel
pass out	- geen bod
penalty	- straf
penalty card	- strafkaart
penalty double	- strafdoeblering
percentage play	- persentasiespel
perfect hand	- volmaakte hand
peter	- kaats

phantom pair	- skimpaar
play	- speel, spel
play along	- meespeel
play down	- afspeel
player	- speler
playing cards	- speelkaarte
playing-plan	- speelplan
playing tricks	- verwagte pakkies
pocket	- vakkie
point count	- kaartpunte
pointed suits	- gepunte kleure
positive response	- gunstige volgbod
post-mortem	- nabetragting
power bid	- kragbod
powers	- bevoegdhede
pre-emptive bid	- blitsbod
preference bid	- voorkeurbod
preference signal	- voorkeurteken
premature lead or play	- voortydige uitkom of speel
premium points	- toegifte
president	- voorsitter
private scorecard	- persoonlike telkaart
procedure	- handelswyse
procedure of game	- spelverloop
procedural penalty	- handelingstraf
progression	- voortgang
progress of game	- gang van spel
promote	- bevorder
proprieties	- fatsoenlikheid, gedragsreëls
protection	- beskerming
protective bid	- skermbod
psychic bid	- blufbod
pull	- trek
push	- kiets
qualifying session	- vaardigheidstoets
quarter-final round	- kwarteindrondte
queen	- vrou
quick trick	- kitswenner
quitted trick	- volvoerde pakkie
raise	- steun
ranking list	- ranglys
rank of suits	- rangorde van kleure
rebid	- tweede bod
rebidable	- herbiedbaar
recap of bidding	- oorsig van roep
rectification	- regstelling, straf, teregwyding
redeal	- herdeel
redouble	- herdoebleer, redoebleer

reduced Howell	- verkorte Howell
regulating authority	- beheerliggaam
regulation	- voorskrif
relay table	- aflostafel
remaining cards	- oorblywende kaarte
remaining tricks	- oorblywende pakkies
reopen	- hervat
rescue bid	- redbod
reserve player	- instaner, plaasvervanger
response	- volgbod
responder	- volgroeper
restricted choice	- beperkte keuse
result	- afloop
return	- terugspeel
return lead	- dieselfde kleur voorspeel
revaluating	- herwaardering
reverse bid	- omkeerroep
reverse finesse	- ontsnapsnit
revoke	- renonseer, versuim
right hand opponent	- voorhandse (teen)speler
rockcrusher	- praghand
rotation	- beurtelings
round	- rondte
rounded suits	- geronde kleure
round-robin	- rondomtalie
rubber	- rubber
rubber bridge	- rubberbrug
Rueful Rabbit	- Sarel Slimjan
ruff	- troef (werkwoord)
ruff and sluff	- troef en weggooi
ruffing finesse	- troefsnit
rule of eleven	- elfreël
run (a suit)	- uitspeel
sacrifice bid	- inboetbod
safety play	- sekerheidspel
sandwiched	- ingeklem
scientific	- wetenskaplik
scissors coup	- skêrkneep
score	- telling
score calculator	- tellingverwerker
score sheet	- telkaart
scoring table	- tellingskaal
scrambled Mitchell	- klouter-Mitchell
screen	- tussenskerm
seat	- sitplek
second hand	- tweedehand
second level bidding	- tweedevlakroep
secretary	- sekretaris

section	- afdeling
seeding	- keuring
semi-final round	- halfeindronde
senior player	- gryskop
sequence	- volgkaart, volgreëks
session	- trek
set	- afspeel, skof
shaded bid	- getinte bod
sharing boards	- laaie deel, voutsakkies deel
shift	- kleur verander
short suit	- kort kleur
show out	- uitgedun
shuffle	- skommel
shut out bid	- blitsbod
side	- kant, paar
side suit	- bykleur
signal	- teken, wenk
signal card	- wenkkaart
sign off bid	- eindbod
simultaneous pairs	- gelyktydige pairespel
single suit hand	- eenkleurhand
singles	- enkelspel
singleton	- alleenkaart, enkelkaart, sluiper
sit-out table	- uitsittafel
skill rating	- vaardigheidsyfer
skip bid	- springbod
skip-bid warning	- springbod-waarskuwing
slam	- kap
small slam	- klein kap
solid suit	- stewige kleur
sound bid	- goeie bod
South	- Suid
spade(s)	- skop(pens)
specified suit	- aangeduide kleur
spectator	- kyker
splinter bid	- tweebeenbod
splitting honours	- ere skei
spot card	- lae kaart, syferkaart
squeeze	- eindspel
stationary	- stilsittend
starting time	- aanvangstyd
steering committee	- dagbestuur
stop	- stop
stop bid	- springbod
stopper	- stuiiter, keerkaart, beheerkaart
strength	- sterkte
strip play	- stroopspel
strong club opening	- sterk klawer inset

strong no trump	- sterk geen troef
strong suit	- sterk kleur
strong two-bid	- sterk twee-bod
substitute	- instanser, plaasvervanger
substitute call	- vervangroep
sufficient bid	- toereikende bod
suit	- kleur
suit combination	- kleursamestelling
suit contract	- kleurkontrak
suit preference double	- voorkeurdoblering
suit signal	- voorkeurteken
support	- steun
switch	- kleur verander
system card	- stelselkaart
table	- tafel
table number	- tafelnommer
table presence	- teenwoordigheid van gees
table spacing	- tafelruimte
take	- wen
take out double	- dwangdoblering
teacher	- lesgever
team (of four)	- span, viertal
team mates	- spanmaats
tempo	- ritme
temporising bid	- afwagbod
tenace	- vurk
third hand	- derdehand
threat card	- bedreiging
three suiter hand	- driekleurhand
throw in play	- oorgeespel
tidy the table	- ruim die tafel op
time-limit	- tydsbepaling
timer	- tydmeter
timing	- tydsberekening
top	- top
top of nothing	- hoogste van niks
total points	- volle punte
touching suits	- aanliggende kleure
tournament	- toernooi
tournament director	- spelleier
transfer bid	- herleibod
transfer trick	- oordragpakkie
trap pass	- stilswye-verby
traveling score sheet	- gelei-telkaart
treasurer	- geldmeester
trick	- pakkie
trick points	- pakkiepunte
trump	- troef

turn	- beurt
two bid opening	- tweevlakinset
two suiter hand	- tweekleurhand
unauthorised information	- ongeoorloofde inligting
unbalanced distribution	- skewe verdeling
unbid suit	- ongeroepte kleur
unblock	- ontblok
underbid	- onderroep
underlead	- onderspeel
underruff	- ondertroef
undertrick	- afpakkie
understanding	- verstandhouding
unguarded suit	- slaggat
union	- vereniging
unlawful	- onregmatig
unmakeable	- onmaakbaar
unusual no trump	- ongewone geen troef
uppercut	- uitklophou
valuating	- waardering
verification	- bevestiging
victory points	- prestasiepunte
viewgraph	- kykskerm
violation of a law	- verbreking van 'n reël
visualisation	- beelding
void	- nul
void suit	- nulkleur
vugraph	- kykskerm
vulnerable	- kwesbaar
waiting bid	- afwagbod
wallet	- kaartesakkie, vousakkie
weakness	- swakte
weak no trump	- swak geen troef
weak two-bid	- swak twee-roep
West	- Wes
winner	- wenkaart, wenner
winners' list	- wenerslys
withdrawn	- ingetrek, onttrek, opgehef, teruggetrek
withdrawn call	- ingetrekke roep
withdrawn card	- terugnome kaart
working suit	- werkkleur
World Bridge Federation (WBF)	- Wêreld Brugfederasie (WBF)
x	- x
Yarborough	- nulpunter
zero tolerance	- geen verdraagsaamheid

OMSKRYWINGS VAN BRUGBEGRIPE

(Die Engelse uitdrukkings is tussen hakies aangedui)

aangepaste telling (adjusted score)

1. 'n Kunsmatig aangepaste telling word toegeken in plaas van die prestasie behaal wanneer daar geen uitslag verkry of geskat kan word nie soos wanneer 'n onreëlmatigheid spel in die wiele ry.
2. 'n Toegewese aangepaste telling word na 'n onreëlmatigheid aan een of aan albei vennootskappe toegeken in plaas van die werklike uitslag verkry om sodoende redelikheid te bewerkstellig.

aangeduide kleur (specified suit)

1. Die kleur wat 'n speler by die toepassing van 'n straf, vra om voorgespeel te word of nie voorgepeel te word nie.
2. 'n Kleur om die een of ander rede deur 'n speler uitgewys.

aan kant (on-side)

Wanneer 'n bepaalde kaart deur die teenspeler gehou word wat 'n snit sal laat slaag, word gesê dat die betrokke kaart reg lê of reg gelê het of aan kant is.

aanliggende kleure (adjacent suits, touching suits)

Kleure wat, volgens rangorde, aan mekaar grens soos skoppens en hartens, hartens en ruitens, ruitens en klawers.

aanmoedigende kaart (encouraging card)

Die speel van 'n kaart soos afgespreek, gewoonlik 'n hoër syferkaart of 'n ewe of onewe syferkaart, om belangstelling in 'n bepaalde kleur aan te dui.

aanspraak (claim)

Die reg op iets toe-eien, byvoorbeeld 'n verklaring dat 'n speler die oorblywende pakkies of 'n bepaalde getal pakkies sal wen. Hy moet dan sy hand oop neersit en sy aanspraak bewys. Indien hy nie terselfdertyd met sy aanspraak 'n speellyn bekend gemaak het nie en die teenspelers is nie tevrede nie, moet die spelleier beslis of sy aanspraak geregverdig is.

aanvaar (accept)

1. 'n Bod maak op voorstel of uitnodiging van 'n speler se maat byvoorbeeld om voordeel of 'n kap te roep indien die kaarte wat 'n speler hou, dit regverdig.
2. 'n Foutiewe bod of buite beurt speel van 'n kaart van 'n teenspeler as wettig aanneem.

aanvallende spel (attacking play)

Spel met die bedoeling om druk op die troefmaker te plaas om waagsame besluite te neem.

aanvangstyd (starting time)

Vir doeleindes van ordelikheid is dit noodsaaklik dat alle deelnemers gelyktydig 'n brugwedstryd moet begin speel. Spelleiers is daarop gesteld dat hulle reëlins doeltreffend moet wees en verklaar vooraf dat 'n wedstryd stiptelik sal begin.

aanvullende tafel (appendix table)

Bykomende tafel wat vir meer spelers in 'n wedstryd voorsiening maak sonder dat die getal hande wat gespeel word, verander word.

aarseling (hesitation)

Kyk weifeling.

aas (ace)

Die hoogste kaart in rangorde in elke kleur, met die kenteken A.

af (down)
Kyk afspeel.

afdeling (section)
'n Groep deelnemers wat in 'n afsonderlike onderverdeling ingedeel is en in een trek onderling teen mekaar speel.

afjak (insult)
Strafpunte teen 'n paar wat met 'n strafdoeblering misluk het. Die strafpunte beloop 50 as die kontrak gemaak word wanneer nie-kwesbaar en 100 wanneer kwesbaar. Daarby kan meer strafpunte gevoeg word na gelang van die omstandighede, soos wanneer doebleer is.

afleiding (inference)
Enige gevolgtrekking wat van die roep of speel van die kaarte gemaak word.

afloop (result)
Nadat 'n deel van die spel voltooi is soos wanneer klaar geroep is of klaar gespeel is.

aflostafel (byestand, relay table)
'n Tafel waarop een of meer gedeelde pakke kaarte (in voutsakkies of laaie) geplaas word gedurende tye wanneer niemand daarmee speel nie.

afpakkie (undertrick)
Elke pakkie wat die troefmaker minder gekry het as wat hy onderneem het om te wen.

afrem (brake)
Effens laer roep as die getalpakkes wat oënskynlik gewen kan word omdat die speler se maat geneig is om te hoog te roep.

afspeel (play down, set)
Wanneer die troefmaker minder pakkes gewen het as wat hy onderneem het om te wen.

afspraak (agreement, convention, understanding)
1. Enige roep wat sy regstreekse betekenis verloor het deurdat twee maats 'n ooreenkoms aangegaan het en wat dan 'n ander besondere betekenis kry. Byvoorbeeld, met 4 geen troef word die speelmaat gevra hoeveel ase hy het.
2. Enige afgespreekte speelwyse tussen twee maats wat daarop neerkom dat die speel van 'n kaart 'n besondere betekenis het, byvoorbeeld dat die speel van 'n hoër kaart as nodig (gewoonlik 6 - 9) voortsetting van daardie kleur aanmoedig.

afspraakbod (artificial bid, conventional bid)
Kyk afspraak 1.

afwagbod (temporising bid, waiting bid)
Voorlopige bod van 'n speler wat daarmee eers meer inligting van sy maat probeer verkry voordat hy 'n gepaste besliste bod maak. Gewoonlik word dit deur die volgroeper gedoen wanneer 'n bod in 'n ander kleur die insetter verplig om sy hand nader te beskryf.

afwysende volgbod (negative response)
Wanneer die volgroeper volgens ooreenkoms 'n swakheid in sy hand aandui of geheel en al 'n swak hand beskryf.

alfabrug (minibridge)
'n Vereenvoudigde vorm van brug wat gebruik word om veral kinders onder die ouderdom van 10 jaar met die beginsels van brug vertrou te maak.

A-gryper (ace-grabber)

'n Speler wat sy ase voorspeel of dit by die eerste geleentheid speel, en sodoende spel vir die teenspelers makliker maak.

agt immer nege nimmer (eight ever nine never)

Hierdie eselsbrug word gebruik om daaraan te herinner dat wanneer die aas en heer van troewe en agt troewe gehou word en die vrou ontbreek, dit gewoonlik beter is om te sny eerder as dat die vrou sal val wanneer die aas en heer gespeel word. Wanneer daar egter nege troewe gehou word, is dit kansryker om die aas en heer dadelik te speel. Hierdie reël geld slegs vir troewe en nie vir die ander kleure nie.

alleen (bare)

Onbeskermd; 'n hoë kaart met geen ander kaart daarby om dit te beskerm nie, byvoorbeeld heer alleen, vrou alleen, boer alleen).

alleenkaart (singleton)

Kyk alleen en sluiper.

ampsdraer (office-bearer)

Iemand wat in 'n bepaalde pos gekies is om sekere take namens die spelers uit te voer.

ampsbekleër (office-bearer)

Kyk ampsdraer.

ankerpaar (anchor pair)

Die speelpaar wat tydens sommige wisselings, byvoorbeeld die Howell-wisseling, vir die duur van 'n trek op een plek bly sit terwyl die ander pare van plek verwissel nadat hulle 'n bepaalde getal hande in 'n rondte teen mekaar gespeel het.

appèl (appeal)

'n Versoek deur 'n teenpaar dat die spelleier se beslissing op hoër vlak in hersiening geneem word.

appèlraad (appeals committee)

'n Deelnemer of sy kaptein mag na hierdie raad appelleer vir hersiening van enige beslissing deur 'n spelleier gedurende spel by die speler se tafel gemaak.

asjas (joker)

Daar is gewoonlik twee in 'n pak kaarte, maar hulle word nie in brugspel gebruik nie. In ander kaartspele kan hulle gewoonlik as plaasvervangers gebruik word.

bedag (alert)

Wanneer twee maats volgens 'n afgespreekte ooreenkoms of verstandhouding 'n roep maak wat 'n kunsmatige betekenis het, moet die roeper se maat die teenpaar waarsku dat dit 'n roep volgens afspraak is deur "bedag" te sê of 'n voorgeskrewe bedagkaart te gebruik. Op navraag van 'n teenspeler (in beurt) is die maat verplig om die afspraak of ooreenkoms te verduidelik.

bedreiging (menace, threat card)

Sluimerende wenkaart vir die teenpaar indien dit nie op die een of ander wyse teëgewerk kan word nie.

beelding (visualisation)

Om die bieding en die kentekens van kaarte wat reeds gespeel is in die geestesoog op te roep en 'n voorstelling te maak van waar die ongespeelde kaarte is.

beeldsy van 'n kaart (face of a card)

Die voorkant van 'n speelkaart waarop die kleur en rang daarvan aangedui is.

been (game, leg)

'n Halwe rubber wat bewerkstellig word deur 'n kontrak te roep en te vervul wat minstens 100 punte in rubberbrug oplewer (30 punte in vendusiebrug), hetsy in een poging of met twee of meer hande. In naspeelbrug word nie vir bene gespeel nie. Kyk ook voordeel.

beheerkaart (control card, stopper)

Kyk stuiiter.

beheerliggaam (regulating authority)

1. Hoogste gesag wat spelreëls vir brug opstel om regmatige spelverloop te bewerkstellig en om geskikte maatreëls te voorsien vir wanneer daar onregmatig afgewyk word. Hierbenewens orden 'n beheerliggaam die onderlinge samewerking van ondergeskikte instellings sodat daar eenvormigheid en eensgesindheid is.

2. Instelling, genootskap of gesag wat 'n bepaalde wedstryd of toernooi in ooreenstemming met die hoogste beheerliggaam en ander gesagte se voorskrifte reël of bestuur.

beheerraad (management committee)

'n Beheerraad bestaan gewoonlik uit 'n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, geldmeester en ander ampsbekleërs wat op 'n algemene jaarvergadering verkies word. Hulle hoofsaaklike plig is om brugwedstryde ordelik te reël met die neem van gepaardgaande besluite sodat die administrasie glad verloop.

beken (follow)

Kyk kleur beken.

belangstelling (attitude)

Sien voordeel daarin as jou maat 'n kaart van 'n aangeduide kleur speel. Gewoonlik word 'n 6 tot 9 of onewe kaart gespeel om belangstelling te toon in die kleur wat gespeel is, of om belangstelling in die hoër van die ander twee kleure (uitgesonderd die troefkleur) oor te dra.

beperkte keuse (restricted choice)

Indien 'n speler 'n kaart speel wat onnodig hoog skyn te wees, byvoorbeeld, 'n aas om 'n boer te kan klop, kan afgelei word dat hy nie die heer of die vrou het nie en dus nie 'n ander keuse gehad het nie. Aan die ander kant kon hy die boer met die heer wen, maar persentasiegewys is dit onwaarskynlik dat hy die aas ook sal hê en was hy dus beperk in sy keuse.

besgee (concede)

Om toe te gee dat die teenpaar sommige van of al die oorblywende pakkies sal wen. Kyk ook oorgawe.

beskerming (protection)

Beskutting of veiligheid vir 'n kaart wat nie die hoogste kaart van daardie kleur is wat nog gespeel moet word nie. Die aas is altyd die hoogste kaart in daardie kleur, dog wanneer die heer gehou word, bied 'n kleiner kaart beskerming omdat dit op die aas gespeel kan word.

besluit (decision)

Oordeelkundige en deurdagte voorneme ten opsigte van die administrasie in samehang met en onderworpe aan die bepalinge van die grondwet tot voordeel van die brugspelers.

beste kleinkleur (better minor)

'n Afspraak tussen twee maats om die beste kleinkleur te roep indien nie oor vyf kaarte in 'n hoofkleur beskik word nie.

besteller (caddy)

Helper by 'n brugtoernooi wat die nodige skryfbehoeftes aan die spelers voorsien en die rekenaarstrokies van die gespeelde hande versamel en aan die verwerker van die tellings besorg.

beurt (turn)

Die regmatige tydstip wanneer 'n speler die kaarte moet skommel, deel, roep of speel.

beurtbrug (Chicago, four deal bridge)

'n Vorm van brug geskoei op naspeelbrug waar nie vir rubbers gespeel word nie, maar waar die afloop van elke hand onafhanklik in berekening gebring word.

beurtelings (rotation)

Die volgorde waarin die reg om te deel, te roep of te speel plaasvind, en dit is kloksgewyse.

bevestiging (verification)

Instemming deur die Oos/Wes paar of een van hulle, met die telling wat deur Noord op die telkaart aangeteken is.

bevoegdhede (powers)

Magtigings of gesag wat in die grondwet aan die beheerraad, die dagbestuur of ander ondergeskikte groep gegee is om hulle pligte doeltreffend te kan uitvoer.

bevorder (promote)

So speel dat 'n hoë kaart of kaarte deur die teenspelers gespeel word sodat 'n aanvanklike laer kaart die meester word.

bie (bid)

Handeling om 'n bod te maak.

biedbare kleur (biddable suit)

Kyk roepbare kleur.

bieding (auction, bidding)

Kyk roep.

bieër (bidder)

Iemand wat 'n bod maak. Kyk ook roeper.

blitsbod (pre-emptive bid, shut out bid)

Om in die eerste rondte so 'n hoë bod op 'n swakker hand in te sit dat dit vir die teenpaar moeilik is om aansluiting by mekaar te vind. Gewoonlik is dit 'n insetbod op die derde vlak, byvoorbeeld 3 ruitens.

blokkasie (block)

Verdeling van kaarte tussen maats se hande op so 'n wyse dat vrye skakeling om van een hand na die ander oor te gaan, nie moontlik is nie.

blokkeer (block)

Blokkasie bewerkstellig.

blufbod (psychic bid)

Om binne die spelreëls so te roep dat die teenpaar mislei word.

bod (bid)

'n Onderneming om in 'n aangeduide toedeling 'n bepaalde getal pakkies te wen.

bo die lyn (above the line)

Die "lyn" is 'n horisontale streep wat in die geval van rubber- en vendusiebrug ongeveer in die middel van die telkaart deur twee kolomme sny. Alle tellings anders as vir pakkies gekontrakteer en gemaak word bokant die horisontale lyn in die toepaslike kolom vir elke paar geskryf.

boekie (book)

Die meeste pakkies wat die verdedigers mag wen sonder om die troefmaker af te speel.

boer (jack, knave)

Die vierdehoogste kaart in rangorde in elke kleur, aangedui met die kenteken B.

bopakkie (overtrick)

Elke pakkie wat die troefmaker meer wen as waarvoor hy gekontrakteer het.

brug (bridge)

'n Wetenskaplike dog gesellige kaartspel wat as 'n dinksport deur die Internasionale Olimpiese Komitee erken word en wat by uitstek 'n gesinspel is.

brugkamp (bridge drive)

1. 'n Eenmalige brugwedstryd, gewoonlik met die doel om fondse in te samel vir byvoorbeeld navorsing, opvoeding of vir liefdadigheid.
2. Ook 'n byeenkoms in besonder gereël om verdere opleiding in ontspanne omstandighede aan brugspelers te gee, byvoorbeeld by 'n ontspanningsoord.

brugtuiste (bridge home)

Onderafdeling van 'n brugliggaam en wat nie ten volle selfstandig besluite kan neem sonder dat die hoër liggaam dit goedkeur nie. Tuistes het ontstaan as onderafdelings van byvoorbeeld brugskole en brugakademies omdat brug binnenshuis gespeel word en om dit as 'n dinkspel van ander sportsoorte te onderskei. Terselfdertyd voel die spelers tuis en op hulle gemak met mekaar. Selfs gevestigde "klubs" het hierdie benaming begin aanneem; dit is onafhanklike groepe brugspelers.

buite beurt (out of turn/rotation)

As 'n roep gemaak of 'n kaart gespeel word wanneer dit nie die betrokke se beurt was om handelend op te tree nie.

bykleur (side suit)

1. Die kleur, nie die troefkleur nie, waarin die troefmaker meervoudige pakkies sal wen of gewen het, meestal 'n kleur waarin hy lengte het.
2. Enige kleur buiten die troefkleur.

bykomende waardes (extra values)

Heelwat beter kaarte (sterker hand) as wat aanvanklik in die roep vermeld was.

dagbestuur (steering committee)

Bestaande uit 'n paar kundige persone in leiersposte soos 'n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris en geldmeester, moet die dagbestuur aandag gee aan daaglikse administratiewe en geldsake wanneer die beheerraad nie in sitting is nie, of aan dringende sake wanneer tyd belangrik is.

deel (deal)

Die uitdeel van 'n pak kaarte in 'n kloksgewyse volgorde beginnende by die speler links van die deler sodat elk van die vier spelers 13 kaarte het.

deelbeen (part score)

In rubberbrug 'n telling van minder as 100 punte onder die lyn, waarby die daaropvolgende telling(s) gevoeg word totdat 100 punte ('n been) opgemaak is, tensy die teenpaar intussen 'n been maak en daardeur die deeltelling afsny. In vendusiebrug is 'n been se telwaarde 30 punte. Kyk ook deeltelling.

deelneemdoeblering (competitive double)

Doeblering wat goeie algemene waardes toon en die doebleerder is van mening dat sy kant 'n kontrak kan speel omdat hy waardes het in die teenspeler se roepkleur en hy andersins ondersteuning aan sy maat kan gee. Moet nie met dwangdoeblering verwar word nie.

deelnemer (contestant)

In eieselwige wedstryde een speler, by pare die twee spelers wat gedurende 'n wedstryd 'n vennootskap vorm, en by viertalle die spelers wat as 'n span teen 'n ander span speel.

deeltelling (part score)

Kyk deelbeen met betrekking tot rubberbrug en vendusiebrug. By naspeelbrug word 'n telling van minder as 100 punte 'n deeltelling genoem omdat daar nie vir bene gespeel word nie en geen daaropvolgende tellings daarby gevoeg word nie

dek (cover)

Om in dieselfde pakkie 'n hoër kaart van dieselfde kleur as die voorafgaande hoë kaart te speel.

deler (dealer)

Die speler wie se beurt dit is om die kaarte gelykop aan al vier spelers uit te deel.

derdehand (third hand)

1. Tydens die roep, die maat van die deler.
2. Tydens spel, die speler wat die derde kaart in 'n pakkie of rondte speel.

diep snit (deep finesse)

'n Snit met 'n laer kaart wanneer twee of meer hoër kaarte nog in die hand(e) van die verdediger(s) is.

dieselfde kleur voorspeel (return lead)

Kyk terugspeel.

dinkspel (mind game)

Handelinge om liggaamlik te ontspan en 'n sinvolle tydverdryf soos brug te beoefen wat die breinvermoë ontwikkel.

dinksport (mind game)

Kyk dinkspel.

dissel (dub)

'n Brugspeler wat 'n swakker speler is as sy medespelers.

doebleer (double)

'n Roep wat die telpunte van die voorafgaande bod van die teenpaar vermeerder as hy sy kontrak vervul, maar ook van die afpakkies.

doeblering (double)

Handeling van doebleer.

driekleurhand (three suiter hand)

'n Hand waarin daar minstens vier kaarte elk in drie kleure is, of vier kaarte in twee kleure en drie hoë kaarte in 'n derde kleur.

dubbele snit (double finesse)

'n Snit teen twee ontbrekende hoë kaarte.

dubbele sprong (double jump)

As twee vlakke hoër geroep word as wat nodig is om die vorige geldige roep te oortref, byvoorbeeld:

1 hart - 4 hartens, 1 ruit - 3 hartens, 1 klawer - 3 geen troef.

dubbele steun (double raise)

Twee vlakke hoër roep in die kleur waarin 'n speler se maat 'n bod gemaak het.

duik (duck)

Beplande optrede om 'n pakkie nie te wen nie terwyl 'n speler wel daartoe in staat is omdat dit voordeliger of veiliger is om die pakkie aan die teenpaar af te staan.

dwangbod (forcing bid)

'n Bod wat die volgroeper/insetter verplig om volgens ooreenkoms te handel.

dwangdoeblering (take out double)

Doeblering wat sterkte en 'n redelik gelyke verdeling van drie kleure (die teenbod uitgesluit) in eie hand aandui en die speler se maat dwing om 'n bod in sy langste kleur te maak.

dwangspel (force play)

Wanneer 'n kaart gespeel word wat een van die teenspelers dwing om te troef indien hy 'n pakkie wil wen of 'n kaart wat hy wou terughou, te speel.

eenkleurhand (one suiter, single suit hand)

'n Hand waarin daar minstens ses kaarte van een kleur gehou word en minder as vier kaarte in enige ander kleur.

eer (honour)

1. In rubberbrug en vendusiebrug word punte toegeken aan die speler wat minstens drie van die aas, heer, vrou, boer en tien van die troefkleur hou, of in die geval van geen troef, die ase.
2. Enige van die vyf hoogste kaarte in enige kleur staan as 'n eer bekend.

eerbaarheid (ethics)

Eerlike handelinge sodat spel regmatig verloop.

eerstehand (first hand)

1. Tydens die roepverloop is die deler die eerstehand want hy het eerste die geleentheid om 'n bod te maak of verby te gaan.
2. Die speler wat in elke rondte die eerste kaart in daardie rondte speel.

eersteroeper (opener)

1. Die speler wat eerste geleentheid kry om op 'n hand te roep (met ander woorde die deler).
2. Die speler wat werklik eerste 'n bod maak nadat ander spelers verby is, al kom hy die eerste, tweede, derde of vierde aan die beurt.

eienskap (feature)

1. 'n Hoë kaart, gewoonlik 'n aas of 'n heer, maar somtyds ook 'n vrou.
2. Enige interessante verskynsel in 'n besondere kleur soos vooraf deur die speelmaats ooreengekom, byvoorbeeld al drie die hoogste kaarte of kort in daardie kleur.

eindbod (final bid, sign off bid)

'n Roep/bod wat aandui dat daar nie in 'n hoër bod belang gestel word nie, byvoorbeeld 'n volgbod van 1 geen troef, of 2 hartens na maat se roep van 1 hart, of terugkeer na 'n eerste bod op die laagste vlak.

eindrondte (final round)

1. Die laaste gewoonlik twee, drie of vier hande wat tydens 'n wedstryd teen dieselfde teenpaar gespeel word waarna die wedstryd afgehandel is.
2. Die laaste wedstryd in 'n kragmeting waar die beste twee pare of viertalle teen mekaar speel om te beslis wie die wenner van die kragmeting is.

eindspel (endplay, squeeze)

1. Beplande speelwyse waarby die troefmaker, met nog net 'n paar kaarte in sy hand oor, opsetlik een van die verdedigers dwing om 'n pakkie te wen waarna die verdediger se voorspel tot voordeel van die troefmaker sal wees.
2. Ook waar 'n verdediger gedwing word om wenkaarte of kaarte wat wenkaarte beskerm, weg te gooi omdat hy nie anders kan nie.

eindverby (final pass)

Die laaste verby wanneer al vier spelers verby gaan sonder om 'n bod te maak, of die derde verby in opeenvolgende beurte deur drie spelers nadat 'n bod gemaak is.

eis (claim)

'n Bewering van 'n speler dat hy met die oorblywende kaarte in sy hand die res van die moontlike pakkies sal wen. Die teenpaar moet dan besluit of hulle saamstem en of hulle van mening is dat hulle minstens nog een of meer pakkies kan wen in welke geval hulle die spelleier moet ontbied.

elfreël (rule of eleven)

Rekenkundige reël wat bepaal dat wanneer 'n speler se uitkomkaart die vierdehoogste is van 'n kleur in sy hand, die verskil tussen daardie kaart se syferwaarde en elf die getal hoër kaarte is in die ander drie hande gesamentlik. Dit is veral vir derdehand van waarde, maar ook vir die troefmaker.

entelling (datum score)

Vergelyking van 'n paar se telling met die rekenkundige gemiddeld van al die tellings vir 'n bepaalde hand en die verskil word dan volgens 'n glyskaal in 'n kleiner telling omskep. Die doel hiermee is om te verhoed dat een buitensporige telling vir een paar 'n feitlik onaanvegbare voorsprong te gee.

enkelkaart (singleton)

Kyk sluiper.

enkelspel (singles)

Spel of wedstryd waarin elke speler na elke hand of rondte met 'n ander maat saamspeel en sy eie telling afsonderlik byhou om te kan bepaal watter speler aan die einde van die wedstryd die hoogste telling het.

enkelspel-wisseling (individual movement)

'n Wyse waarop enkelspelers van maats en tafels verwissel, en afsonderlik tellings aanteken.

ere skei (splitting honours)

Die speel van een van twee of meer volgere, gewoonlik met die doel om daardeur 'n bykomende pakkie te bewerkstellig of om te verhoed dat die teenpaar 'n bykomende pakkie wen.

ervare speler (expert)

'n Voortreflike speler.

ewe kaarte (even cards)

Kaarte met syferwaardes deelbaar deur twee waarby gewoonlik bedoel word die 2, 4, 6, 8 en 10.

ewe-onewe (odd-even)

Speelwyse om tekens gedurende spel aan mekaar te gee wat volgens (wettige) afspraak verskillende betekenis het wanneer ewe of onewe syferkaarte gespeel word.

fatsoenlikheid (proprieties)

Welvoeglike wyse waarop 'n brugspeler behoort te handel om regverdigheid te laat geskied. Dit moet in navolging van die spelreëls wees en ook binne die goeie gees van hoflike gebruike wat van brugspelers verwag word.

feilhand (incomplete hand)

'n Gedeelde hand waarin daar by aanvang minder as dertien kaarte is. Kyk ook gebrekkige hand.

feilpak (incomplete pack)

'n Pak kaarte waarin een of meer kaarte ontbreek.

fondsbouer (fund-raiser)

Bymekaarmaking van geld vir 'n bepaalde doel soos om nuwe toerusting aan te skaf of om geld aan liefdadigheid te skenk.

foutiewe deel (misdeal)

Enige afwyking van die reëls voorgeskryf vir 'n regmatige deel.

frats (freak)

'n Hand waarin die kleure buitengewoon ongelyk verdeel is.

gambiet (gambit)

Doelbewuste prysgawe van 'n pakkie ten einde meer ander pakkies te wen.

gang van spel (progress of game)

Voortgaande ontwikkeling of voortsetting van die spel terwyl op 'n hand geroep word of dit gespeel word.

gebrekkige hand (deficient hand)

Minder of meer as dertien kaarte in 'n hand nadat dit gedeel is en voordat enige kaart daaruit gespeel is. Kyk ook feilhand.

gebrekkige pakkie (defective trick)

'n Pakkie wat minder of meer as vier wettige gespeelde kaarte bevat.

gebroke kleur (broken suit)

'n Kleur waarin daar hoë kaarte in die hand gehou word wat in rang nie op mekaar volg nie.

gedrag (conduct)

Optrede van brugspelers. Daar word van hulle verwag om altoos voorbeeldig in hulle doen en late te wees.

gedragsreëls (proprieties)

Riglyne vir gepaste en welvoeglike handeling neergelê deur die brugspelende gemeenskap. Geen stel geskrewe gedragsreëls kan so volledig wees dat dit vir alle omstandighede voorsiening maak nie. Gevolglik behoort brugspelers oordeel te gebruik om gepas op te tree.

geen bod (pass out)

Geeneen van die vier spelers het 'n bod gemaak nie met die gevolg dat daardie hand nie gespeel word nie en dat die telling ten opsigte van daardie hand vir albei pare nul is.

geen troef (no trump)

'n Roep of 'n kontrak waarin geen kleur tot troefstatus verhef word nie.

geen verdraagsaamheid (zero tolerance)

Beleid van die Wêreld Brugfederasie teenoor ligsinnigheid, swak gedrag en kullery en dat streng opgetree sal word teen brugspelers wat hulle daaraan skuldig maak.

geldmeester (treasurer)

Persoon wat na die geldelike belange van 'n bruggemeenskap omsien deur die geld te bewaar, in opdrag van die bestuur daarmee te handel en deurlopend verslag te doen oor die stand van die geldsake.

gelei-telkaart (traveling score sheet)

In naspeelbrug 'n vorm waarop die kaarte van elke hand en die telling deur elke paar behaal, aangeteken word. Dit vergesel die laai of voutsakkie en aan die einde van 'n trek word dit gebruik om die wennerlys op te stel.

gelyke verdeling (balanced distribution)

1. Heeltemal gelyke verdeling beteken dat die onderskeie kleure in een speler se hand in die verhouding 4-3-3-3 verdeel is, maar die verhoudings 4-4-3-2 en 5-3-3-2 word ook as gelyke verdelings beskou.
2. Gelyke verdeling slaan ook op 'n eweredige verspreiding van een kleur tussen al vier die hande.

gelyke waarde (equal value)

Twee kaarte opeenvolgend in rang soos heer en vrou of vrou en boer wat aldus dieselfde waarde het as dit in een hand of in die twee hande van 'n paar gehou word.

gelykstelling (equalising, factoring)

Wanneer die spelers tydens 'n wedstryd nie almal eweveel hande gespeel het nie, byvoorbeeld as daar 'n uitsittafel was en almal het nie 'n beurt gekry om uit te sit nie, of as spel om een of ander rede verkort is, is die tellings nie vergelykbaar nie. Met gelykstelling word hierdie ongelyk reggestel deur gebruik te maak van 'n verhoudingsformule.

gelyktydige pairespel (simultaneous pairs)

'n Kragmeting waar spelers op verskillende plekke (dorpe en stede) dieselfde hande speel en agterna vergelyk wie die beste presteer het.

gelykverdeelde hand (balanced hand)

'n Hand waarin die onderskeie kleure betreklik gelyk verdeel is en oor die algemeen word 'n verdeling tussen die kleure van 4-3-3-3, 4-4-3-2, en 5-3-3-2 as gelyk verdeel geag.

gemengde pare (mixed pairs)

'n Kragmeting waar die twee maats wat saamspeel van verskillende geslagte, manlik en vroulik, moet wees.

gemiddelde telling (average score)

1. Wanneer 'n onreëlmatigheid plaasvind wat nie die toedoen van die betrokke spelers is nie, ken die spelleier 'n gemiddelde telling aan albei pare toe.
2. In naspeelbrug die rekenkundig gemiddelde telling vir 'n bepaalde hand of vir 'n bepaalde trek.

gemiddeld minus (average minus)

'n Matige ondergemiddelde wedstrydpunttelling word gewoonlik deur die spelleier aan 'n paar toegeken na 'n onreëlmatigheid deur 'n speler of die paar volgens die verantwoordelikheid vir die onreëlmatigheid, gewoonlik 40 %.

gemiddeld plus (average plus)

'n Matige bogemiddelde wedstrydpunttelling word gewoonlik deur die spelleier aan 'n paar toegeken na 'n onreëlmatigheid deur 'n teenspeler, gewoonlik 60 %.

geoorloofde inligting (authorised information)

Toelaatbare inligting of kennis waarvan 'n speler gebruik mag maak.

gepunte kleure (pointed suits)

Skoppens en ruitens.

geronde kleure (rounded suits)

Hartens en klawers.

geslote vertrek (closed room)

In besonder by belangrike viertalwedstryde speel die twee pare van een span in afsonderlike vertrekke of kamers. Een van die vertrekke word as die geslote vertrek aangedui waar toeskouers nie toegelaat word nie sodat hulle nie inligting, opsetlik of per abuis, aan die ander spelers kan oordra nie.

gesprek voer (communicate)

Wettige oordra van boodskappe aan mekaar op toelaatbare wyse om die kaarte in die hande aan mekaar te beskryf. Gesprekvoering kan tydens die roep mondelings of deur middel van vertoon van roepkaarte geskied en daarna deur kaarte te speel wat bepaalde betekenis het.

getinte bod (shaded bid)

'n Bod op effens laer waardes as wat normaalweg die geval is.

gevaarhand (danger hand)

Die hand van 'n teenspeler wat, as hy 'n pakkie wen, hy ander wenkaarte in sy hand het wat hy kan/sal speel tot nadeel van die troefmaker. Of hy kan groot skade aanrig as hy 'n besondere kaart voorspeel omdat dit gunstig vir sy maat sal wees.

gewone bod (natural bid)

'n Bod wat nie 'n ander betekenis het as wat daarmee aangedui word nie. Byvoorbeeld, met 'n bod in hartens bedoel die speler dat hy hartens as die troefkleur voorstel en dat dit nie op 'n ander kleur dui nie.

gewonne gee (concede)

Kyk besgee.

gidskaart (guide or movement card)

Rooster wat tydens wedstryde op elke tafel geplaas is met aanwysings waar die spelers moet sit, met watter kaarte hulle moet speel, en waarheen die spelers na speel van die aangeduide hand(e) moet gaan.

glytelling (international match points)

Puntestelsel waar die verskil in algehele puntetellings volgens 'n meer gelykmakende skaal verklein word sodat 'n enkele groot prestasie met een hand nie deurslaggewend kan wees nie. Hierdie puntestelsel word gewoonlik by viertalle toegepas, maar dikwels ook by pare.

goedmaak (condone)

Afstand doen van die straf vir 'n onreëlmatigheid deur te roep of te speel voordat die aandag op verbreking van die spelreëls gevestig is, of om die onreëlmatig as geldig te aanvaar.

goeie bod (sound bid)

'n Bod gegrond op goeie waardes.

goeie kaarte (good cards)

Losgespeelde wenkaarte, asook 'n algemene oorwig van hoë kaarte.

grypbed (fragment bid)

'n Dubbelsprongbed in 'n nuwe kleur in die tweede rondte om 'n tekort, enkelkaart of geen kaart, in die ongeroepte (vierde) kleur te wys met ondersteuning in maat se roep.

grondwet (constitution)

Beginselbesluite deur die meerderheid spelers van 'n brugliggaam geneem en wat geldig is as die hoogste skriftelike gesag waaraan alle spelers en ondergeskikte groepe gebonde is.

groot kap (grand slam)

'n Kontrak wat aangegaan is om al 13 pakkies van daardie hand te wen. Ook vervulling van die kontrak.

gryskop (senior)

'n Brugspeler ouer as 60 jaar.

gunstige volgbod (positive response)

Wanneer die volgroeper volgens ooreenkoms aandui dat sy hand goed by sy maat s'n inpas en/of dat hy 'n sterk hand het vir die betrokke doel, byvoorbeeld om 'n been of voordeel, of kap te roep.

halfeindronde (semi-final round)

Die twee wedstryde tussen die vier beste pare of viertalle om te beslis watter twee van die vier pare of viertalle in die eindronde teen mekaar te staan gaan kom.

halwe tafel (half table)

'n Tafel waar slegs een paar (twee spelers) sit wat in daardie rondte van gewoonlik twee, drie of vier hande nie speel nie.

hand (hand)

1. Die dertien kaarte aan 'n speler gedeel of die oorblywendes indien hy van die kaarte gespeel het.
2. Die gedeelde kaarte in 'n genommerde houer wat in naspeelbrug gebruik word en waarna later as hand nr verwys word.

handelingstraf (procedural penalty)

'n Straf (bykomend tot enige teregwyding) opgelê volgens goeddunke van die spelleier in gevalle van 'n handelings-onreëlmatigheid.

handelswyse (procedure)

Die verloop van sake.

hartens (hearts)

Tweedehoogste kleur in rangorde, aangedui met die kenteken \heartsuit in rooi.

heer (king)

Tweedehoogste kaart in rangorde in elke kleur, aangedui met die kenteken H .

heffing (levy)

Bedrag wat gewoonlik deur tuistes aan die hoogste gesagvlak betaal moet word om administratiewe kostes op daardie vlak te bestry.

heimlike roep (concealed call)

'n Roep wat volgens afspraak tussen twee maats 'n ander betekenis as die werklike het (kyk afspraak), maar wat onregmatig vir die teenspelers verborge gehou word.

herbiedbaar (rebidable)

1. Wanneer twee keer op die bepaalde hand geroep kan word deurdat twee roepbare kleure gehou word, of net een langer kleur wat op 'n hoër vlak herhaal kan word, is dit 'n herbiedbare hand.
2. 'n Lang kleur wat twee keer geroep kan word, is 'n herbiedbare kleur.

herdeel (redeal)

Wanneer dieselfde speler weer deel om sy vorige deel om die een of ander rede te vervang.

herdoebleer (redouble)

'n Roep wat die gedoebleerde telwaarde van skikpakkies of van afpakkies vermeerder.

herleibod (transfer bid)

'n Ooreengekome bod waarmee 'n speler se maat gevra word om 'n ander bepaalde kleur te roep sodat die maat die troefmaker kan wees omdat dit voordeliger sal wees as die maat die troefmaker is.

hervat (reopen)

Wanneer een speler binne sy beurt weer roep wanneer dit blyk dat die roep andersins beeindig sou word.

herwaardering (revaluating)

Herberekening van die waarde van 'n hand nadat meer inligting deur middel van die roepe van die maat en van die teenspelers verkry is. Die waarde van die hand kan na gelang die omstandighede meer of minder word.

hinderbod (interference bid, nuisance bid)

Verdedigende optrede om die teenpaar roepruimte te ontnem of dit vir hulle moeilik te maak.

hoë kaart (high card)

Enige prentkaart in 'n pak en die aas is 'n hoë kaart, dit wil sê aas, heer, vrou en boer.

hoëkaartpunte (high-card point count)

Dis algemene gebruik om die volgende punt skaal ten opsigte van hoëkaarte vir doeleindes van waardebepaling toe te pas --- $A = 4, H = 3, V = 2, B = 1$.

hoflikheid (etiquette)

Wellewende en diensvaardige optrede aan die brugtafel.

hoofkleur (major suit)

Skoppens en hartens word as die twee hoofkleure beskou omdat hulle in rangorde hoër as ruitens en klawers is.

hoogste van niks (top of nothing)

Volgens ooreenkoms met 'n maat die speel van die boonste van drie of vier kleiner kaarte in die kleur waarmee uitgekom word.

houer (board)

Kyk naspeelhouer.

hulppunte (additional points)

Punte waarmee die speelsterkte van 'n hand gemeet word, bo en behalwe die hoëkaartpunte en die verdelingspunte. Byvoorbeeld, 1 punt wanneer al vier ase gehou word, 1 punt vir elke twee tiene wat ondersteuning aan hoë kaarte bied, en 1 punt vir 'n goeie vyfkaartkleur.

in beurt (in rotation)

'n Betrokke speler se regmatige geleentheid om te roep of om 'n kaart te speel.

inboetbod (sacrifice bid)

Opsetlike bod om die teenpaar se gesonde kontrakroep met 'n onmaakbare roep te oorroep met die idee dat, sonder of met doeblering, die strafpunte vir afspeel minder sal wees as wat die teenpaar met hul kontrak sou verkry.

ingeklem (sandwiched)

Wanneer 'n hoë kaart tussen twee ander hoë kaarte vasgedruk is sodat dit nie 'n wenner kan wees nie, is dit ingeklem. Byvoorbeeld, 'n H (heer) in 'n speler se hand en die A (aas) en V (vrou) van dieselfde kleur in die nahandse speler se hand.

ingetrek, ongeldig, onttrek, opgehef, teruggetrek (cancelled, withdrawn)

Al hierdie woorde het in die verband waarin dit gebruik word in wese dieselfde betekenis naamlik dat die handeling waarop dit betrekking het, nie geldig is nie of nie langer geldig is nie. Soms is daar regstelling by betrokke en soms boonop 'n teregwysing/straf.

ingetrekke roep (withdrawn call)

Vervanging van 'n roep met 'n ander een omdat die speler 'n fout gemaak het of van plan verander het. In albei gevalle is dit 'n onreëlmatigheid. Dog na 'n teenspeler se fout, mag 'n roep regmatig ingetrek word.

insetbod (opening bid)

Die eerste bod wat enige van die vier spelers maak anders as om verby te gaan. Ook die eerste bod deur een van twee maats is vir hulle 'n insetbod al het die teenpaar reeds geroep.

insetter (opener)

Die speler wat eerste roep, hetsy hy eerste 'n beurt kry en 'n bod insit of dat hy 'n bod insit nadat van die ander spelers verkies het om verby te gaan.

insit (open)

Die maak van die eerste bod met nuutgedeelde kaarte.

instaner (reserve player, substitute)

'n Speler wat die plek van 'n ander speler inneem indien die ander speler om die een of ander rede nie beskikbaar is nie of afgelos moet word om hom 'n ruskans te gee.

jeugdige speler (junior player)

'n Brugspeler onder die ouderdom van 25 jaar.

kaartesakkie (wallet)

Kyk vousakkie.

kaarhouer (card holder)

'n Staander of raampie waarin die dertien kaarte wat uitgedeel is, geplaas word op so 'n wyse dat slegs die betrokke speler die beeldsye kan sien, gewoonlik wanneer 'n speler net een hand kan gebruik, hetsy deur gebrek of besering.

kaartplasing (card reading)

Afleidings maak van die roep en van gespeelde kaarte oor watter speler watter kaarte in sy hand hou.

kaartpunte (point count)

Die algemene gebruik om hoëkaartpunte, verdelingspunte en hulppunte saam te voeg om sodoende die waarde van 'n hand te bepaal.

kaartvaardigheid (card sense)

'n Buitengewone aangebore talent om kaartspeletjies gladweg te bemeester. Hierdie aanvoeling vir kaarte kan makliker by beginners bemerk word omdat feitlik alle kaartspelers mettertyd sinvol speel, hetsy die gevolg van natuurlike aanvoeling, lesgeewing of uit ondervinding.

kaats (echo, high-low, peter)

Wanneer 'n verdediger 'n hoër kaart en dan 'n laer kaart van dieselfde kleur speel om aan sy maat 'n bepaalde teken te gee, gewoonlik dat hy slegs twee kaarte in die betrokke kleur het.

kamp (drive)

Kyk brugkamp.

kampioenskap (championship)

'n Wedstryd of toernooi waarin bepaal word wie die beste speler(s) in 'n bepaalde gebied is.

kant (side)

By enkelspel, een speler; by pairespel, twee spelers wat gedurende die wedstryd as vennote of maats saamspeel; by viertalle, vier of meer spelers wat as spanmaats saamspeel.

kap (slam)

Kyk groot kap en klein kap.

kaptein (captain)

1. Persoon in beheer van 'n span brugspelers wat die administratiewe en bestuurstake onderneem en reëlings tref soos wie wanneer moet speel.

2. Die maat wie se verantwoordelikheid dit in bepaalde omstandighede is om tydens die roep leiding te gee en die eindbod te maak.

keerkaart (control card, stopper)

Kyk stuiiter.

kentekens (indices)

Klein aanwysings in die hoeke van die onderskeie speelkaarte om die verskillende kaarte uit te ken wanneer dit gerangskik in die hand gehou word.

keuring (seeding)

Deskundige beoordeling en gradering van brugspelers in volgorde van bedrewenheid.

kiets (flat, push)

In viertalle dieselfde telling vir spelers wat dieselfde hand gespeel het.

kitswenner (quick trick)

'n Kaart wat op grond van sy rangorde en beskerming met redelike sekerheid binne twee rondtes 'n pakkie sal wen voordat troewe ingespan word, soos 'n aas of heer-vrou. 'n Heer met 'n laer kaart of kaarte daarby word as 'n halwe kitswenner beskou omdat dit net moontlik 'n wenkaart kan wees en nie met sekerheid nie. In hierdie verband word die hou van aas-vrou as een en 'n halwe kitswenner beskou.

klawers (clubs)

Laagste kleur in rangorde en aangedui met die kenteken \spadesuit in swart.

klein kap (small slam)

'n Roepkontrak wat aangegaan is om 12 van die 13 moontlike pakkies te wen. Ook die vervulling van die kontrak.

kleinkleur (minor suit)

Klawers en ruitens word kleinkleure genoem omdat hulle in rangorde laer as skoppens en hartens is.

kleur (suit)

Een van die vier reekse kaarte waaruit 'n pak bestaan naamlik skoppens, hartens, ruitens en klawers.

kleur beken (follow suit)

Om 'n kaart van die kleur te speel wat voorgespeel is.

kleurkontrak (suit contract)

'n Kontrak wat in een van die vier kleure aangegaan is.

kleursamestelling (suit combination)

1. Die struktuur van die kaarte van al die kleure in 'n speler se hand.
2. Die struktuur van die kaarte van 'n bepaalde kleur in twee maats se hande, of in al vier spelers se hande.

kleur verander (change of suit, shift, switch)

1. Om 'n ander kleur te roep as wat jou maat as 'n moontlike troefkleur aangedui het.
2. Om tydens speel 'n kaart van een kleur voor te speel en dan in 'n volgende rondte na 'n kaart van 'n ander kleur oor te slaan. Dikwels het dit 'n bepaalde betekenis vir die speler se maat.
3. Om 'n kaart van 'n ander kleur voor te speel as waarmee jyself of jou maat uitgekom het, of die speel van 'n kaart van 'n ander kleur as wat pas gespeel was.

klouter-Mitchell (scrambled Mitchell)

'n Aangepaste Mitchell-wisseling om slegs een wenpaar te verkry in plaas van die gewone Mitchell-wisseling waar 'n wenpaar vir Noord-Suid en 'n wenpaar vir Oos-Wes verkry word.

kneep (coup)

'n Besondere speelwyse deur die troefmaker waar die verdedigers se troewe sonder 'n snit vasgekeer word.

koeppeer (cut)

Om 'n pak kaarte in twee te verdeel nadat die pak geskommel is en dan die onderste deel bo-op te plaas.

koes (duck)

Kyk duik.

kombuisbrug (kitchen bridge)

Gesellige brug gespeel met min of geen klem op afsprake of fyner beplanning vir roep of speel.

kontrak (contract)

Die onderneming van die troefmaker en sy maat om die getal pakkies te wen in die kleur wat hulle in die eindbod aangedui het, of in geen troef.

kontrakbrug (contract bridge)

'n Spel waar 'n troefooreenkoms by wyse van opveiling gesluit word. Die voorwaardes sluit in die getal pakkies wat verower moet word sowel as die kleur wat as troewe moet dien, of geen troef.

kort kleur (short suit)

Wanneer daar aanvanklik by die deel van die pak kaarte geen, een of twee kaarte van 'n bepaalde kleur in een hand ontvang word.

kragbod (power bid)

'n Bod waarmee aangedui word dat die roeper se hand so sterk is dat hy waarskynlik 'n been sal maak of voordeel sal bereik al sou sy maat min hoëkaartpunte toegedeel wees. Sommige spelers dui dit met 'n insetbod van 2 klawers aan terwyl ander weer 2 ruitens of 'n ander bod hiervoor gebruik.

kragmeting (competition)

Kyk wedstryd.

kruistroef (cross ruff, cross trump)

Deur beurtelings in altwee hande van een paar te troef sodat die troewe afsonderlik benut kan word.

kwarteindrondte (quarter-final round)

Wedstryde tussen die agt beste pare of viertalle om te beslis watter vier van die agt pare of viertalle in die halfeindrondte teen mekaar te staan gaan kom.

kwesbaar (vulnerable)

Nadat 'n paar in rubberbrug 'n been geroep en gemaak het, ongeag hoeveel hande daarvoor gebruik is, is hulle kwesbaar en dit vermeerder strafpunte asook sommige toegifte. In naspeelbrug word kwesbaarheid en nie-kwesbaarheid beurtelings toegeken soos deur die spelreëls bepaal.

kyker (kibitzer, spectator)

Iemand wat die spel met hul sintuie volg wanneer ander mense brug speel, maar wat self nie aan die spel deelneem nie.

kykskerm (viewgraph, vugraph)

'n Groot (elektroniese) skerm waarop 'n groot getal toeskouers brugspel gemaklik kan volg sonder dat die spelers deur die toeskouers gesteur of beïnvloed word.

laagste roep (cheapest bid)

Die mees ekonomiese bod beskikbaar op 'n gegewe tydstip gedurende die roep. 'n Bod van 1 ruit na 'n inset van 1 klawer is meer ekonomies (laer) as 1 hart of 1 skop. So is 'n bod van 1 skop 'n laer bod as 2 klawers na 'n inset van 1 hart.

laai (board)

Houer, gewoonlik van harde plastiek, waarin 'n pak kaarte gelykop in vier verskillende gleuwe of vakkies gelaai (verdeel) is met die oog daarop dat spelers van naspeelbrug by verskillende tafels dieselfde hande kan speel. 'n Stel bestaan gewoonlik uit 32 laaie.

laaie deel (sharing boards)

Kyk vousakkies deel.

lae kaart (low card)

Kyk syferkaart.

lang kleur (long suit)

Kleur waarin 'n speler die meeste kaarte gedeel is. Ook 'n kleur waarin vyf of meer kaarte gehou word.

ledegeld (membership fees)

Onderhoudsgeld deur die brugtuiste vasgestel en wat elke speler moet betaal om die kostes vir beoefening van brug te kan delg.

lengte (length)

Kyk lang kleur.

lengteteke (count signal)

'n Wenk waarmee die een verdediger aan sy maat beduie watter lengte hy in 'n bepaalde kleur hou. Gewoonlik word gekaats wanneer 'n ewe getal kaarte gehou word en die laagste kaart gespeel wanneer 'n onewe getal kaarte in daardie kleur gehou word.

lesgewer (teacher)

Persoon wat onderrig gee aan ander brugspelers, gewoonlik aan voornemende spelers of groentjies/onervare spelers, maar hy kan ook lesings aan gevorderde spelers bied.

lid (member)

'n Brugspeler wat as deelnemer van 'n tuiste aanvaar is en aan bepaalde vereistes voldoen soos om aan die bedrywighede mee te doen en vasgestelde gelde te betaal om kostes te bestry.

liga (league)

Gewoonlik verenigings wat saamwerk om as 'n landsliggaam alle brugspelers in daardie land te verteenwoordig. Onderlinge kragmetings in reekse (ligas) word nie in brug gereël nie omdat dit die spel nie pas nie. Gewoonlik word een jaarlikse toernooi gespeel.

losspeel van 'n kleur (clear, develop, establish a suit)

Om 'n lang kleur se syferkaarte tot wenners te omskep deur een of meer pakkies af te staan of deur die teenpaar se hoë kaarte te troef.

maak (make)

1. Om die pak kaarte te skommel.
2. Om 'n kontrak te vervul.
3. Om 'n pakkie te wen.

maandbrief (monthly letter)

'n Korter geskrewe stuk waarin interessantheide rakende brug een keer per maand aan die spelers meegedeel word.

maat (partner)

Die speler saam met wie iemand as 'n vennoot teen twee ander spelers speel.

maklik (cold)

Beskrywing van 'n kontrak wat sonder moeite gemaak kan word.

maniertjie (mannerism)

Lyftaal waarmee genoeg of misnoë openbaar word.

mededinging (competition)

1. Enige wedywing tussen brugspelers. Kyk ook wedstryd.
2. Wanneer beide pare roep, dit wil sê, botte en teenbotte word gemaak.

meedingende bieding (competitive bidding)

Wanneer albei kante aan die roep deelneem om die troefkleur te bepaal.

meespeel (play along)

'n Kaart van dieselfde kleur as die vrakaart speel, dog kleiner as die hoogste kaart in die pakkie.

meester (master)

Die hoogste ongespeelde kaart van 'n kleur.

meesterpunte (master points)

Punte wat volgens 'n goedgekeurde formule bereken en aan spelers toegeken word wat in georganiseerde wedstryde en toernooie presteer.

middelkaarte (intermediate cards)

Nuttige kaarte wat nie as hoog of laag beskou kan word nie. Meestal word tiene en neges hiermee bedoel wanneer dit ondersteuning aan hoër kaarte verleen.

middelspel (middle game)

Spel nadat vir die eerste pakkie of die eerste paar pakkies gespeel is totdat vir die laaste pakkie of laaste paar pakkies van 'n hand gespeel is.

misleiding (deception)

Om binne die reëls so te roep of te speel dat die teenspelers onder 'n wanindruk gebring word.

misplasing (misboard)

Terugplasing van die onderskeie hande in die verkeerde gleuwe of vakkies van 'n vousakkie of laai tydens 'n naspeelwedstryd.

moontlike wenner (chance card)

'n Laer kaart in 'n speler se hand van dieselfde kleur as 'n hoër kaart wat die teenpaar het en wat slegs 'n wenner kan word as die bedreiging deur die voorhandse speler gehou word, of as as die bedreiging op die een of ander manier uit die weg geruim word.

nabetragting (post-mortem)

Bespreking van 'n reeds gespeelde hand, gewoonlik om te probeer vasstel waar 'n fout begaan is.

nahandse (teen)speler (left hand opponent)

Die teenspeler wat links van 'n betrokke speler sit.

nar (joker)

Kyk asjas.

naspeelbrug (duplicate bridge)

'n Vorm van mededingende brug waar dieselfde hande by twee of meer verskillende tafels gespeel word, maar deur ander spelers. Die deler en kwesbaarheid word deur die spelreëls bepaal, die telling ten opsigte van elke hand onafhanklik bereken, en die prestasies van die spelers met mekaar vergelyk om te bepaal watter spelers die beste gevaar het.

naspeelhouer (duplicate board)

Kyk laai of vousakkie.

neem (cash)

Om 'n seker wenkaart eerste te speel, byvoorbeeld deur die hoogste kaart in 'n kleur te speel, gewoonlik om sodoende 'n kontrak te vervul of, as dit 'n enkelkaart is, daarna te kan troef. Kyk ook wen.

nie-kwesbaar (not vulnerable)

Wanneer 'n paar in rubberbrug nog nie 'n been behaal het nie, is hulle nie-kwesbaar. Die gewone strafpunte vir afspeel en gewone toegifte word dan toegeken. In die geval van naspeelbrug word kwesbaarheid en nie-kwesbaarheid beurtelings toegeken soos deur die spelreëls bepaal.

Noord (North)

Die speler wat in die noordelike windstreek plek by 'n brugtafel ingeneem het. Die benaming in ooreenstemming met die windstreke maak verwysing maklik, asook die opdra van take aan die spelers, orde in die spel en byhou van die telling. In naspeelbrug is Noord verantwoordelik vir die haal van die kaarte wat gespeel moet word, die aanteken van die hande op die telkaart, asook aanteken van die telling. Hy is ook vir die aanstuur van 'n gespeelde houer na 'n volgende tafel verantwoordelik.

nul (void)

Om oorspronklik sonder 'n kaart in 'n bepaalde kleur gedeel te wees beteken die hand is nul in daardie kleur.

nulkleur (void suit)

Kleur waarin oorspronklik geen kaarte aan 'n speler gedeel is nie.

nuller (bottom)

Die laagste telling met 'n sekere hand (behaal) teenoor ander spelers wat met dieselfde kaarte in naspeelbrug gespeel het.

nulpunter (Yarborough)

Enige volledige hand (dertien kaarte) waarin geen hoër kaart as 'n nege is nie. 'n Tien word geag 'n halfpunt werd te wees.

nutsbod (approach bid)

Nuttige eerste bod wat aandui dat 'n speler 'n sterk genoeg hand het om 'n inset te maak, maar geen biedbare kleur het nie en dus van sy maat verwag om te roep. Gewoonlik word 1 klawer of 1 ruit volgens afspraak as 'n nutsbod gebruik omdat 'n volgbod betreklik maklik daarop gemaak kan word.

nutsklawer (approach club)

Soos onder nutsbod omskryf, vir sover dit 'n insetbod van 1 klawer betref.

nuweling (novice)

'n Onervare speler wat nog besig is om die grondbeginsels van brug te bemeester.

omkeerroep (reverse bid)

Die wys van 'n sterk hand deur eers die laer kleur van twee aanliggende kleure te roep en daarna die hoër kleur. 'n Paar kan ook hul eie verstandhouding hê, maar dit kom daarop neer dat die onderskeie kleure andersom as met die normale verstandhouding geroep word.

omkeerspel (dummy reversal)

Met hierdie speelwyse verkort die troefmaker opsetlik die troewe in sy eie hand deur die oophand se verloorkaarte te troef sodat die oophand uiteindelik meer troewe as die toehand het. Gevolglik word die teenpaar se troewe vanuit die oophand getrek word en terselfdertyd kan een of meer verloorkaarte uit die troefmaker se hand weggegooi word.

onbehoorlike inligting (extraneous information)

Kennis wat 'n speler onregmatig aan sy maat verstrekket wat 'n roep of speel aan die hand mag doen, soos deur middel van 'n opmerking, 'n vraag, 'n antwoord op 'n vraag, of deur 'n onmiskenbare aarseling, ongewone vlugheid, besondere beklemtoning, stembuiging, gebaar, beweging, maniertjies of iets soortgelyk.

onbenullige kaart (idle card)

'n Kaart wat nutteloos is deurdar dit geen pakkie kan wen of enige invloed op die res van die spel sal hê nie.

onder die lyn (below the line)

Die "lyn" in rubber- en vendusiebrug is 'n horisontale streep wat ongeveer in die middel van die telkaart deur twee kolomme sny. Tellings ten opsigte van pakkies gekontrakteer en gemaak, word onder die lyn in die toepaslike kolom vir elke paar aangeteken.

onderroep (underbid)

Wanneer 'n kontrak gesluit is op 'n laer vlak as wat die sterkte van die paar se hande moontlik maak, of wanneer toegelaat word dat die teenpaar die kontrak sluit terwyl veilig hoër geroep kon word.

onderskep (capture)

'n Hoër kaart speel as die hoër kaart van die teenpaar.

onderspeel (underlead)

Die speel van 'n laer kaart in 'n kleur waarin 'n hoër en moontlike wenkaart gehou word.

ondertroef (underruff)

Om 'n laer troef te speel as waarmee 'n pakkie reeds getroef is.

onewe kaarte (odd cards)

Kaarte met syferwaardes nie deur twee deelbaar nie, gewoonlik word bedoel die 3, 5, 7 en 9.

ongedwonge roep (free bid)

Kyk vrywillige bod.

ongeldig

Kyk ingetrek.

ongeldige roep (cancelled call)

'n Roep wat nie van krag is nie en dus nie aanvaarbaar is nie en nietig verklaar word. Gewoonlik het so 'n roep een of ander teregwysing/straf tot gevolg.

onoorloofde inligting (unauthorised information)

Besonderhede verkry na aanleiding van onwettige of onregmatige roepe, speel, lyftaal, gedrag, maniertjies of ander handelswyses van 'n speler se maat. Kyk ook onbehoorlike inligting.

ongeroepte kleur (unbid suit)

'n Kleur wat nie gedurende die roep genoem of aangedui is nie.

ongewone geen troef (unusual no trump)

'n Bod om 'n tweekleurhand aan te dui. Gewoonlik word lengte in die twee kleinkleure aangetoon. 'n Teenbod van 2 geen troef na 'n inset van 1 in 'n hoofkleur word gebruik om lengte in albei kleinkleure te wys en kan soms aangewend word om 'n inboetbod te maak.

onkant (off-side)

Wanneer 'n betrokke kaart deur 'n teenspeler in so 'n posisie gehou word dat 'n snit sal misluk.

onklaar hand (fouled board)

'n Hand word as onklaar beskou as die spelleier beslis dat een of meer kaarte op so 'n wyse misplaas was dat regstreekse vergelyking met die tellings van ander deelnemers nie moontlik is nie.

onmaakbaar (unmakeable)

'n Kontrak wat nie nagekom kan word nie, tensy die verdedigende spelers 'n fout maak.

onreëlmatigheid (irregularity)

'n Afwyking van die voorskrifte en regmatige prosedures wat in die spelreëls vir brug vervat is.

onregmatig (illegal, unlawful)

Optrede wat nie in ooreenstemming met die spelreëls is nie.

ontblok (Jettison, unblock)

Die speel van 'n hoë kaart om 'n blokkasie in die een hand van 'n paar te voorkom wanneer die ander hand langer lengte in daardie kleur het.

ontbrekende kaart (missing card)

'n Kaart wat in 'n hand kortkom.

ontmoedigende kaart (discouraging card)

Die speel van 'n kaart, gewoonlik 'n lae syferkaart of 'n ewe of onewe syferkaart, om nie-belangstelling in 'n bepaalde kleur aan te dui.

ontoereikende bod (insufficient bid)

'n Roep of bod wat laer is in rang as 'n vorige roep en dus nie geldig is nie.

ontsnapsnit (reverse finesse)

Wanneer 'n hoë kaart, soos die vrou, saam met een of meer syferkaarte in die troefmaker se hand of in die oophand is en 'n syferkaart word van die ander hand (waarin die aas is) na die vrou toe gespeel. Die bedoeling is om die heer gespeel te kry sonder dat dit die vrou onderskep.

onttrek

Kyk ingetrek

onvoldoende aanwysing (incomplete call, partial designation)

Onvolledige aanduiding deur die troefmaker van die rang of kleur van 'n kaart wat uit die oophand gespeel moet word.

oophand (dummy, exposed hand)

Die troefmaker se maat se kaarte wat op die tafel oopgesprei is, platweg ook die tafel genoem.

oophandomkering (dummy reversal)

Kyk omkeerspel.

oopkaartprobleem (double dummy problem)

'n Opgestelde omstandigheid waar al vier die hande vertoon word in 'n poging om 'n sekere getal pakkies te wen wat oënskynlik onmoontlik is.

oopkaartspel (double dummy play)

Die speel van 'n hand wanneer die speler al vier die hande kan sien.

oorblywende kaarte (remaining cards)

Die kaarte in een speler of al vier spelers se hand(e) wat nog nie gespeel is nie.

oorblywende pakkies (remaining tricks)

Wenkaarte in 'n speler se hand wat nie deur die teenspelers teëgewerk kan word nie en wat gewoonlik deur die betrokke speler geëis word sonder dat hy hulle een vir een speel.

oorboord (overboard)

Te hoog roep met die bepaalde kaarte.

oordragpakkie (transfer trick)

Wanneer 'n speler versuim het om kleur te beken, word een of twee pakkies as 'n strafmaatreël na die teenpaar oorgedra.

ooreengekome kleur (agreed suit)

'n Kleur waarop die vennootskap besluit en aangekondig het dat dit die troefkleur behoort te wees omdat dit die geskikste is vir hierdie doel.

ooreenkoms (convention)

Kyk afspraak.

oorgawe (concession)

Erkenning deur 'n troefmaker dat hy al die oorblywende pakkies sal verloor. Kyk ook besgee.

oorgeespeel (throw in play)

Om 'n verdediger te dwing om 'n pakkie te wen omdat dit voordeliger vir die troefmaker sal wees deurdat hy nog een of meer pakkies kan wen.

oorneem (overtake)

Om 'n hoër kaart te speel as waarmee 'n speler se maat 'n pakkie kon wen, gewoonlik om toegang tot eie hand te bewerkstellig.

oorroep (overbid)

Hoër roep as wat pakkies gewen kan word.

oorsig van roep (recap of bidding)

Herhaling van die roepverloop as 'n speler daarom vra omdat hy nie duidelikheid daarvoor het nie.

oortreder (offender)

'n Speler wat onopsetlik of doelbewus van die voorgeskrewe brugreëls afwyk.

oorvleueling van waardes (duplication of values)

Verlaging van die waarde van hoë kaarte in een maat se hand omdat dit op hoë kaarte in die ander hand sal val.

Oos (East)

Die speler wat in die oostelike windstreek by 'n tafel plek ingeneem het. Kyk ook Noord.

opgehef

Kyk ingetrek.

opgetekende hand (hand record)

'n Aantekening van al vier spelers se hande, die roep, die volgorde waarin die kaarte gespeel is en die afloop.

ordelys (agenda)

Reeks van sake wat voor 'n bestuursliggaam of raad moet dien om bespreek te word en waarvoor besluite geneem moet word.

paar (pair)

Twee spelers wat 'n vennootskap teen twee ander spelers vorm. Kyk ook kant.

pak (deck, pack)

Die 52 speelkaarte waarmee brug gespeel word.

pakkie (trick)

Die vier kaarte wat in een rondte gespeel is.

pakkiepunte (trick points)

Punte wat deur die troefmaker verdien word deur 'n kontrak te vervul. Dit word in rubberbrug onder die lyn aangeteken.

passing (fit)

1. 'n Mate van steun vir maat se bod.
2. Gesamentlike kaarte in die twee maats se hande wat mekaar aanvul.

persentasiespel (percentage play)

Die grootste waarskynlikheid, gegrond op rekenkundige gemiddeldes, dat 'n bepaalde speelwyse die voordeligste sal wees.

persoonlike telkaart (private scorecard)

Sommige brugspelers hou daarvan om hulle eie telkaarte by te hou en dikwels 'n berekende geskatte waarde daaraan te koppel sodat hulle aan die einde van 'n wedstryd en voordat die amptelike wenerslys bekend is, 'n goeie denkbeeld het van hoe hulle teenoor die ander spelers gevaar het. So 'n persoonlike telkaart hou ook voordele in vir nabetraging.

plaasvervanger (substitute)

Kyk instaner.

poedelprys (booby prize)

Gewoonlik 'n minderwaardige of grappige voorwerp wat aan 'n speler/paar oorhandig word wat die swakste in 'n wedstryd gevaar het.

praghand (rockcrusher)

'n Brughand van een speler waarmee besonder baie pakkies gewen kan word. Gewoonlik word 'n hand wat 19 punte of meer bevat as 'n praghand beskou.

prentkaart (court card, face card)

Enige heer, vrou of boer.

prestasiepunte (victory points)

'n Afskaling van die glytelling (GTL) om sodoende die verskil in telling tussen die deelnemers verder te verklein.

raming van wenpakkies (law of total tricks)

'n Naastenby skatting dat die getal pakkies wat gemiddeld deur die twee hande teenoor mekaar gewen kan word gelyk is aan die meeste troewe in die een hand plus die langste kleur in een van die teenspelers se hande as dit hulle troefkleur sou wees. Indien een van die teenspelers 'n bod gemaak het, is hierdie skatting gewoonlik nie moeilik nie.

ranglys (ranking list)

Die name van die spelers in volgorde van hulle bewese prestasies in onlangse kragmetings.

rangorde van kleure (rank of suits)

In die volgorde van hoog na laag is dit skoppens, hartens, ruitens en klawers, maar geen troef rangeer bo skoppens.

redbod (rescue bid)

'n Poging om die gevaar van afspeel af te weer deur in 'n ander kleur te roep nadat die laaste bod gedoebleer is en die roeper 'n beter moontlikheid voorsien.

regmatig (legal)

In ooreenstemming met die spelreëls vir brug.

regstelling (correction, rectification)

Aanpassing wat gemaak word sodat spel so normaal as moontlik kan voortgaan nadat 'n onreëlmatigheid plaasgevind het.

rekenaarstrok (computer slip)

'n Gedrukte vorm waarop die telling van 'n hand in naspeelbrug aangeteken word. Na afloop van elke rondte oorhandig bestellers die rekenaarstrokie aan die persoon wat die verrekening doen.

renonseer (revoke)

Kyk versuim.

rigting (direction)

Die kant waar 'n speler aan die brugtafel sit: Noord, Oos, Suid of Wes; of die kant waar 'n paar sit: Noord/Suid of Oos/Wes.

ritme (tempo)

1. Snelheid waarteen gespeel word.
2. Tydsberekening om die geskikste geleentheid te vind om 'n sekere kaart te speel.

roep (1. call, 2. auction, bidding)

1. Enige bod, doeblering, herdoeblering of verby.
2. (a) Verloop wanneer bepaal word watter kleur as troewe sal dien en hoeveel pakkies die troefmaker moet wen.
(b) Die versameling van opeenvolgende roepe wat gemaak is.
(c) Die tydperk waarin die opeenvolgende roepe gemaak is.

roepbare kleur (biddable suit)

'n Kleur wat as troewe aangebied kan word. Gewoonlik vier of meer kaarte in daardie kleur met bepaalde hoëkaartpunte in dieselfde kleur.

roeper (bidder)

Speler wat 'n bod maak of doebleer of herdoebleer of verby gaan. Kyk ook bieër.

roepkaarte (bidding cards)

Ontwerpte kaarte wat gebruik word om stilswyend mee te bie deurdat 'n speler dit woordeloos vlak voor hom op die tafel plaas.

roepkaartkassie (bidding box)

Kassie of houer waarin 'n stel roepkaarte gehou word.

roep oophou (keeping the bidding open)

Nie verby gaan nie sodat die maat weer geleentheid het om te roep en sy hand nader te beskryf.

roepruimte (bidding space)

Die speling tussen 'n roep wat 'n speler gemaak het en die waarskynlikste hoogste suksesvolle kontrak wat in die omstandighede bereik kan word. Byvoorbeeld, as die waarskynlikste hoogste bod 4 hartens is, sal 'n bod van 2 skoppens meer roepruimte in beslag neem as 1 klawer.

roepstelsel (bidding system)

Enige stelsel waarmee bepaal word op watter wyse en gronde 'n bepaalde roep of 'n handeling na 'n bod gemaak behoort te word. Erkende roepstelsels wat in toernooie gebruik word is onder meer Acol, Blackwood, Presisie, Standard American, of ander selfontwerpte of aangepaste stelsels.

roeptydperk (auction period)

Die roeptydperk neem 'n aanvang wanneer enige speler na die beeldsye van sy kaarte kyk en eindig wanneer al vier spelers verby gaan sonder om 'n bod te maak, of nadat drie spelers in opeenvolgende beurte verby gaan nadat 'n bod gemaak is.

roepverloop (auction)

Kyk roep 2(a).

roepvlak (bidding level, level of bidding)

Die getal pakkies bo ses wat 'n speler onderneem om te wen. Aldus beteken 'n bod van 2 in enige toedeling dat op die tweedevlak geroep word en 'n bod van 4 dat op die vierdevlak geroep word.

roepvraat (hog)

'n Speler wat buitensporig poog om so dikwels moontlik die troefmaker te wees.

rondomtalie (round-robin)

Wedstryd of toernooi waarin 'n enkeling, 'n paar of 'n span beurtelings teen elk van die ander deelnemende spelers, pare of spanne speel.

rondte (round)

1. Wanneer elk van die vier spelers kloksgewyse 'n kaart gespeel het en die speler wat die hoogste kaart gespeel het, wen die pakkie, is 'n rondte voltooi.
2. Die tydperk wanneer twee pare gewoonlik twee, drie of vier hande teen mekaar speel.

rubber (rubber)

'n Teleenheid wat uit twee bene bestaan en waaraan bykomende punte toegeken word. Nadat 'n rubber verower is, begin die puntetelling onder die lyn vir albei pare van vooraf, met ander woorde hulle moet opnuut weer twee bene verwerf om 'n rubber te verdien.

rubberbrug (rubber bridge)

'n Vorm van brug waar die eerste van die twee pare wat by dieselfde tafel teen mekaar speel, twee bene maak, daardeur 'n rubber en aldus bykomende punte verkry. Daar word dan van vooraf vir 'n volgende rubber gespeel want deeltellings word afgesny, maar die punte wat reeds deur albei pare verdien is, word behou.

rugkant van 'n kaart (back of a card)

Die kant van 'n kaart waarop slegs die patroon of ontwerp van die pak kaarte aangebring is. Dit is 'n vereiste dat die ontwerp op brugkaarte 'n spieëlbeeld moet wees.

ruim die tafel op (tidy the table)

Dit behels die regtrek van die tafelkleedjie, nagaan van die roepkaarte om te verseker dat hulle netjies in orde is, die plaas van die roepkassies langs mekaar in die middel van die tafel, en inskuif van die stoele en sytafeltjies nadat spel afgehandel is, of die wegbêre van die toerusting indien van toepassing.

ruitens (diamonds)

Tweedelaagste kleur in rangorde en aangedui met die kenteken \heartsuit in rooi.

saamval van verdeling (duplication of distribution)

Albei maats het dieselfde getal kaarte in dieselfde onderskeie kleure.

sakelys (agenda)

Kyk ordelys.

Sarel Slimjan (Rueful Rabbit)

Iemand wat roekelose kanse waag wat gewoonlik nie uitwerk nie en dan spog dat hy beter weet as ander en die spel minstens ontwrig het.

sekerheidspel (safety play)

1. Spel wat kaarte in die troefmaker se hand beskerm. Indien hy byvoorbeeld 'n aas en vrou van 'n kleur besit, speel hy so dat die teenpaar se vrakaart in daardie kleur van sy linkerkant kom.
2. Die speel van kaarte op so 'n wyse dat teen ongewone verdelings gewaak word.

sekretaris (secretary)

Ampsdraer wat neerskryf wat op vergaderings bespreek en besluit is, opvolgwerk doen, en wat die korrespondensie van die brugliggaam behartig.

sitplek (seat)

Die plek wat 'n speler by 'n brugtafel inneem; gewoonlik volgens die windstreke aangedui naamlik Noord (N), Suid (S), Oos (O) en Wes (W).

skaduspeler (dummy)

Die speler wie se kaarte op die tafel oopgesprei is omdat sy speelmaat die troefmaker is. Hy neem nie aan die spel deel nie anders as om 'n kaart te speel soos deur die troefmaker aangedui.

skermbod (balancing bid, protective bid)

'n Bod (of doeblering) deur 'n speler nadat die teenpaar op 'n lae kontrak besluit het. Die bedoeling hiermee is dat hy goeie ondersteuning kan bied (8-13 punte) en kort is in die kleur wat die teenpaar roep met die veronderstelling dat sy maat self redelike ondersteuning het.

skêrkneep (scissors coup)

Spel waardeur die teenpaar se skakeling met mekaar afgesny word, gewoonlik om kruistroef te vermy.

skewe verdeling (unbalanced distribution)

Dit is wanneer die onderskeie kleure in een speler se hand op enige ander wyse verdeel is as:

4-3-3-3 of 4-4-3-2 of 5-3-3-2

skikpakkie (odd trick)

Elke pakkie meer as die eerste ses wat die troefmaker verwesenlik mits dit nie minder is as wat hy onderneem het om te wen nie.

skild (guard)

Gewoonlik 'n eer in 'n bepaalde kleur wat 'n ander eer beskerm of wat verhoed dat die teenpaar 'n besondere kleur kan uitspeel.

skimpaar (phantom pair)

In 'n wedstryd met 'n onewe getal pare, die ontbrekende paar by een tafel. Die paar wat teen 'n skimpaar moet speel, het 'n vrybeurt.

skof (element, set)

Verwys na die speel van 16 hande waar elke speler in die geleentheid was om in een van die vier moontlike situasies van kwesbaarheid te deel. Gewoonlik word spel dan 'n kort tyd vir rus en die geniet van verversings onderbreek.

skommel (shuffle)

Die pak kaarte deurmekaar maak sodat die volgorde waarin die kaarte was, heeltemal versteur word. Volgens die spelreëls moet die speler links van die deler die kaarte skommel.

skoppens (spades)

Die hoogste kleur in rangorde en aangedui met die kenteken \subseteq in swart.

skryftekens

Die onderskeidende merke waarmee die afsonderlike speelkaarte en die roepe tydens spel gemaak, op skrif uitgedruk word.

skuifsprong (jump shift)

'n Springbod in 'n kleur wat nie voorheen geroep is nie. Gewoonlik is dit dwang tot 'n been of voordeel tensy dit deur 'n speler gemaak word wat voorheen verby gegaan het. In laasgenoemde geval dui dit meestal op 'n sterk ondersteunende hand.

slaap (go to bed)

Versuim om 'n duidelike wenner, gewoonlik 'n aas, te speel en dan geen pakkie daarmee wen nie. "Met die skoppensaas slaap".

slag (lead)

'n Speler kom aan slag of is aan slag wanneer hy die eerste kaart vir 'n volgende pakkie moet voorspeel.

slaggat (unguarded suit)

'n Kleur waarin daar geen keerkaart is om te verhoed dat die teenspelers drie of meer pakkies in daardie kleur wen nie.

sluiper (singleton)

Waar slegs een kaart in 'n bepaalde kleur aan 'n speler gedeel is.

sneltelling (instant scoring)

'n Persentasie wat volgens verdienste vanaf 'n voorafbepaalde skaal aan elke hand toegeken word in plaas van latere verwerking van die telling.

snit (finesse)

'n Poging om 'n pakkie met 'n laer kaart te wen as wat die verdedigers het en die troefmaker het self 'n nog hoër kaart. Die troefmaker hou die hoogste kaart terug om die verdedigers se hoër kaart daarmee te probeer onderskep.

sny (finesse)

Neem van 'n snit.

span (team)

Vier of ses spelers wat as 'n groep teen vier of ses ander spelers speel. Slegs vier spelers speel gelyktydig (twee as Noord/Suid by een tafel en hul twee maats as Oos/Wes by 'n ander tafel) terwyl die ander twee as instaners/aflospelers in volle trekke optree. Kyk ook viertalle.

spanmaats (team mates)

In die geval van viertalle (en die twee instaners) word na die vier of ses spelers as spanmaats verwys.

speel (play)

Die bydra van 'n kaart uit iemand se hand tot 'n pakkie, insluitend die eerste kaart wat die vrakaart of voorspeelkaart is.

speelkaarte (playing cards)

Die stywe kaarte wat vir die speel van brug gebruik word. Elke kaart het een of meer kentekens op sodat dit van mekaar onderskei kan word.

speellyn (line of play)

Kyk speelplan.

speelmaat (partner)

Kyk maat.

speelplan (playing-plan)

'n Uitgewerkte roete om soveel pakkies as moontlik te wen.

spel (game, play)

1. Die versameling van bydraes wat met die kaarte gemaak is, dit is die roep en die speel van die kaarte.

2. Die tydperk waarin met die kaarte gespeel is.

speler (player)

Enige van die vier deelnemers by 'n brugtafel; of een lid van 'n paar wat 'n vennootskap vorm.

spelleier (director, tournament director)

Die persoon wat tydens 'n brugwedstryd of –toernooi as verteenwoordiger van die beheerliggaam, as organiseerder, as keurder van inskrywings vir toernooie, as toesighouer, as tellingverwerker en ook as skeidsregter optree.

spelreëls (laws of the game)

Voorskrifte waarvolgens die spel gespeel moet word.

spelverloop (procedure of game)

Gang van sake.

sperbod (limit bid)

Enige roep wat die einde van die geskiktheid van 'n speler se hand om weer te roep, aandui.

spersteun (limit raise)

Ongedwonge verhoging van die maat se roep wat duidelik aandui dat oor geen verdere waardes beskik word nie.

splitsing (break)

Wanneer die kaarte in 'n bepaalde kleur so verdeel is dat dit vir die troefmaker voordelig is of nie voordelig is nie. Byvoorbeeld, die heer val wanneer die troefmaker 'n aas speel of die vier kaarte wat die teenpaar hou is twee-twee verdeel en val oor mekaar, of dit gebeur nie (goeie of swak splitsing).

spontane bod (non-forcing bid)

Laat 'n speler se maat toe om volgens verstandhouding verby te gaan nadat sy maat 'n bod gemaak het indien hy van mening is dat dit die beste bod is.

springbod (jump bid, skip bid, stop bid)

'n Roep wat hoër is as wat nodig is om die vorige roep te oortref, soos:

1 hart - 3 hartens, 1 ruit - 3 ruitens, 1 klaver - 3 klavers. Kyk ook skuifsprong.

springbod-waarskuwing (skip-bid warning)

Kennisgewing aan die teenspeler wat volgende moet roep dat die roeper minstens 1 vlak hoër gaan roep as wat die vorige bod vereis. Van die volgende roeper word dan verwag om sowat 10 sekondes te wag voordat hy enigiets doen. Kyk stop.

springroep (jump bid)

Kyk springbod.

sprongteenbod (jump overcall)

'n Springbod gemaak nadat 'n teenspeler gebie het.

sprongvoorkeur (jump preference)

Springbod in een van die twee of meer kleure wat 'n maat as troefkleur aangebied het.

stelselkaart (convention card, system card)

'n Gedrukte of getikte kaart waarop die roepstelsel wat 'n vennootskap gebruik, asook die betekenis van 'n bepaalde speelwyse, in breë trekke uiteengesit is en wat voor aanvang van spel vir insae aan die teenpaar beskikbaar behoort te wees.

sterk geen troef (strong no trump)

Waar geen troef op 15 - 17 of 16 - 18 hoëkaartpunte geroep word.

sterk klawer inset (strong club opening)

Waar die insetter 'n bod van 1 klawer maak, al het hy nie veel klawers nie, om vir sy maat aan te dui dat hy 16 of meer punte het.

sterk kleur (strong suit)

'n Kleur van vier of meer kaarte waarin minstens 6 hoëkaartpunte gehou word.

sterkte (strength)

Die aantal hoë kaarte waarmee verwag word om pakkies te wen dui die sterkte (of swakte) van 'n hand aan. Hoe meer hoë kaarte gehou word, hoe sterker die hand.

sterk twee-bod (strong two-bid)

'n Insetbod van twee van 'n kleur om 'n sterk hand te wys, gewoonlik 18 punte of meer.

steun (raise, support)

Enige hoër bod in dieselfde kleur (of geen troef) wat deur 'n speler se maat genoem is.

stewige kleur (solid suit)

Waar daar geen ontbrekende ere is nie soos A H V B of ook A H V x x x waar verwag word dat almal wenners sal wees, en in gunstige omstandighede ook A H V x x.

stilsittend (stationary)

Deurgaans gedurende die kragmeting in dieselfde sitplek bly.

stilsweye-verby (trap pass)

Wanneer 'n speler met 'n sterk hand wat vir verdediging geskik is, verby gaan met die voorsiene moontlikheid dat die teenspelers dit moeilik sal vind om hulle kontrak te maak.

stop (stop)

'n Mondelingse of per roepkaart waarskuwing, in beurt, deur 'n roeper dat hy voornemens is om 'n springbod te maak. Kyk ook springbod-waarskuwing.

straf (penalty)

'n Verpligting of beperking op spelers geplaas na opsetlike of onopsetlike verbreking van die reëls. Kyk ook teregwyding en tug.

strafdoeblering (business double, penalty double)

Die roeper gee te kenne dat die strafpunte wat verdien kan word deur die teenpaar af te speel, enige ander moontlike telling vir die kant wat doebler het, sou hulle 'n bod maak, sal oortref.

strafkaart (penalty card)

'n Kaart wat ontydig deur 'n verdediger vertoon is en dit moet met die beelddis na bo op die tafel gelaat word tot die eerste geleentheid wanneer dit wettiglik gespeel kan en moet word.

straf oplê (assess penalty)

Na oortreding van 'n spelreël of ander voorskrif word op een of ander wyse teen 'n speler opgetree ten einde die teenspeler vir benadeling te vergoed en om as afskrikmiddel te dien sodat daar nie weer van 'n spelreël of voorskrif afgewyk word nie.

stroopspel (strip play)

Om 'n teenspeler van twee of drie kleure kaal te stroop en hom daarna te dwing om 'n pakkie te wen sodat die troefmaker die voordeel van 'n beheerkaart of 'n vurk kan benut.

stuiters (control card, stopper)

Hoë kaarte gee beheer oor vroeë rondtes waarin daardie kleur gespeel word, byvoorbeeld, die A beheer die eerste rondte, die H x beheer die tweede rondte as die A ontduik word en die V x x beheer die derde rondte. In die geval van 'n kort kleur (minder as drie kaarte in daardie kleur) beheer 'n troef die onderskeie rondtes mits troewe beskikbaar is.

Suid (South)

Die speler wat in die suidelike windstreek by 'n tafel plek ingeneem het. Kyk ook Noord.

sukkelaar (duffer)

Iemand wat nie flink kan dink nie en ook nie vooruit kan sien hoe die spel waarskynlik verder sal ontwikkel nie.

swak geen troef (weak no trump)

Waar 'n inset van 1 geen troef op 12-14 of 13-15 hoëkaartpunte gemaak word.

swakte (weakness)

Min hoë kaarte in 'n hand of in 'n bepaalde kleur.

swak twee-bod (weak two-bid)

'n Insetbod van twee in 'n kleur wat 'n lang kleur (gewoonlik ses of meer kaarte) aandui terwyl die hand se waarde nie sterk genoeg is om net een van daardie kleure te roep nie.

syferkaart (low card, spot card)

Gewoonlik 'n 9 of laer, maar soms word 'n 10 daarby ingesluit.

tafel (table)

Daar is nie afmetings vir 'n brugtafel voorgeskryf nie, maar gewoonlik is dit opvoubaar vir maklike vervoer en is die blad ongeveer 80 sentimeter in vierkant en staan die tafel ongeveer 70 sentimeter hoog.

tafelnummer (table number)

Syfer op 'n tafel geplaas wat die nommer van die tafel aandui sodat maklik daarna verwys kan word.

tafelruimte (table spacing)

Rangskikking van tafels vir 'n wedstryd sodat die tafels verkieslik 2,75 meter of verder van mekaar staan, maar nie nader as 2,5 meter nie. Die afstand word vanaf die middelpunte van die brugtafels gemeet.

teenbod (competitive bid, overcall)

'n Bod wat die laaste bod van die teenpaar oortref.

teenpaar (adversaries, opponents)

Die twee spelers teen wie meegeding word.

teenroep (competitive call, overcall)

Kyk teenbod.

teenspeler (adversary, opponent)

'n Speler teen wie meegeding word.

teenwoordigheid van gees (table presence)

Een van die eienskappe wat 'n goeie brugspeler behoort te besit. Dit is 'n samevoeging van aanvoeling, juiste afleiding van gebeure tydens spel, selfdissipline en behoud van sinne.

teken (signal)

Die kode wat 'n paar gebruik deur sekere roepe te maak of kaarte te speel en daardeur wettige boodskappe aan mekaar oor te dra.

telkaart (score sheet)

Die kaart of vel papier waarop die telling van elke hand op 'n voorgeskrewe wyse aangedui word. Kyk ook gelei-telkaart.

telling (score)

Die getal punte wat 'n paar met 'n hand verdien het, of die saamgevoegde punte van al die hande.

tellingberekening (calculation of score)

Versyfering van die afloop van hande deur kante gespeel sodat dit op gelyke grondslag met mekaar vergelyk kan word.

tellingskaal (scoring table)

Hiervolgens word die punte bereken wat spelers verdien wanneer hulle bepaalde mylpale bereik het.

tellingverwerker (score calculator)

Die persoon wat die tellings wat die brugpare/spanne behaal het op 'n gepaste wyse versyfer sodat dit gelys en op 'n gelyke grondslag met mekaar vergelyk kan word om die wenners te bepaal. Dit is een van die toegedeelde take waarvoor die spelleier verantwoordelik is, maar hy kan 'n helper aanstel om hom by te staan.

teregwysing (rectification)

Die herstellende maatreeël wat toegepas moet word wanneer 'n onreëlmatigheid onder die spelleier se aandag gekom het. Gewoonlik gaan dit gepaard met straf van een of ander aard.

terloopse uitkom (blind lead)

Die eerste kaart wat in die eerste rondte gespeel word, word in 'n mate blindelings of lukraak gespeel omdat die oophand nog toe is en veral wanneer die uitkomspeler se maat nie geroep het nie en die teenpaar net een toedeling geroep het. Ook wanneer 'n speler met enige kaart uitkom sonder om te dink.

teruggenome kaart (withdrawn card)

'n Kaart wat reeds gespeel was, maar om 'n geldige rede weer in 'n speler se hand geplaas word sonder dat daar 'n straf aan verbonde is, of indien onregmatig gespeel, aan straf onderworpe.

teruggetrek

Kyk ingetrek.

terughou (hold up)

Om 'n pakkie van die hand te wys waar dit moontlik gewen kon word dog wanneer nie-wen daarvan waarskynlik 'n voordeel sal inhou.

terugspeel (return)

Om, nadat 'n speler 'n pakkie gewen het, dieselfde kleur wat sy maat voorheen voorgespeel het na hom toe terug te speel.

toedeling (denomination)

Een van die vier kleure of geen troef wat in 'n roep aangedui kan word.

toegangskarta (entry card)

'n Kaart wat dit moontlik maak om van een hand van 'n paar na die ander te kan oorgaan.

toegewese telling (assigned score)

Dit is 'n telling wat die spelleier aan deelnemers toeken wanneer hy van mening is dat hulle dit verdien, maar die reëls nie reg laat geskied nie. Gewoonlik gebeur dit wanneer daar 'n onreëlmatigheid plaasgevind het, of daar 'n skuldige party was of nie. Kyk ook onder aangepaste telling.

toegifte (premium points)

Telling wat verdien word anders as vir pakkies geroep en gemaak en wat in rubberbrug bo die lyn aangeteken word.

toehand (closed hand)

Die troefmaker se hand teenoor die oophand. Die verdedigers se hande is vanselfsprekend toe en word dus nie as toehande aangedui nie.

toeligtingstydperk (clarification period)

Die tyd tussen die einde van die bieding, dit is nadat drie spelers verby gegaan het, totdat die uitkomkarta gespeel is, word aangedui as die toeligtingstydperk.

toereikende bod (sufficient bid)

'n Bod wat hoër is as enige voorafgaande bod en dus geldig is.

toernooi (tournament)

'n Reeks wedstryde wat oor 'n tydperk as 'n eenheid gespeel word en ten opsigte waarvan daar 'n algehele wenner en ander plekke bepaal word.

toetree (intervene)

Aan die roep begin deelneem deur na 'n speler van die teenpaar te roep en sodoende hulle gang (probeer) versteur, of om self 'n beter kontrak te probeer bekom.

top (top)

In naspeelbrug die hoogste telling met 'n sekere hand behaal teenoor ander spelers wat dieselfde hand gespeel het.

trappiestoernooi (flighted tournament)

'n Toernooi waar spelers op afsonderlike vlakke van bedrewenheid en gewoonlik gelyktydig deelneem. Indeling geskied volgens 'n ranglys of ander wyse van meting van vaardigheid.

trek (1. draw, pull; 2. session)

1. Verwydering van 'n kaart of kaarte uit die besit van 'n teenspeler deur daardie kleur voor te speel, soos in die trek van troewe.

2. Aaneenlopende tydperk van spel waartydens elke deelnemer 'n bestemde getal hande speel, meestal 24 tot 32 hande. Gewoonlik speel een vennootskap twee, drie of vier hande teen elk van verskeie ander pare totdat elke paar die bestemde getal hande gespeel het.

troef (1. trump, 2. ruff)

1. Die kaarte van die kleur waarin die hoogste bod gemaak is en wat gebruik kan word om 'n pakkie te wen wanneer 'n speler 'n nulkleur het of uitgedun is in die kleur wat voorgespeel is. Ook die handeling om 'n troefkaart te gebruik.

2. Amerikaanse woord vir die handeling om 'n troefkaart te gebruik.

troef en weggooi (ruff and sluff)

Wanneer die verdedigers 'n kleur speel waarvan die troefmaker niks in die oop- en niks in die toehand het nie en hy in die een hand troef en 'n verloorkaart uit die ander hand weggooi.

troefmaker (declarer)

Die speler wat eerste die bod in 'n kleur of geen troef gemaak het waarin die kontrak aangegaan is en teenoor wie die oophand oopgesprei word.

troefsnit (ruffing finesse)

Spel waardeur 'n eer van die teenpaar (of kleiner kaart) wat aan die verkeerde kant van 'n vurk is, getroef kan word of, as die snit slaag, 'n verloorkaart weggegooi kan word.

Trojaanse perd (Greek gift)

'n Pakkie wat oënskynlik maklik deur 'n teenspeler afgestaan word, maar as dit geneem word sal meebring dat hy daardeur meer pakkies sal wen.

troosprys (consolation prize)

Kleiner of opvoedkundige toekenning aan 'n speler/paar wat in 'n wedstryd verdienstelik presteer het maar tog nie 'n prys gewen het nie.

tug (discipline)

Straf toegepas vir die handhawing van hoflikheid en goeie orde.

tugraad (disciplinary committee)

Hierdie liggaam stel ondersoek in na klagtes wat ontvang word en besluit of 'n speler berispe, beboet of geskors moet word indien hy onvanpas opgetree het.

tuiste (home)

Kyk brugtuiste.

tussenbod (intervening bid)

Die hoër bod van die teenpaar.

tussenreeks (inner sequence, interior sequence)

'n Volgreeks of volgkaarte van twee of meer, opeenvolgend in rang en minstens twee kaarte laer in rang as 'n ander kaart in dieselfde hand byvoorbeeld, A J 10 9, K J 10, Q 10 9.

tussenskerm (screen)

'n Ondeursigtige afskorting wat oorhoeks op 'n brugtafel geplaas word sodat 'n speler nie sy maat kan sien nie, maar met 'n opening aan die onderkant sodat die kaarte wat gespeel word, daardeur sigbaar is.

twee (deuce)

Die laagste kaart in rang van 'n kleur, met die syfer 2 aangedui.

tweebeenbod (splinter bid)

'n Buitengewone sprongbod wat ondersteuning in maat se laaste bod waarborg en 'n enkelkaart of nulkleur aandui in die kleur waarin die sprongbod gemaak is.

tweede bod (rebid)

Die bod wat in 'n volgende roeprondte deur dieselfde speler gemaak word.

tweedehand (second hand)

1. Die speler links van die deler.
2. Die speler wat die tweede kaart in 'n pakkie of rondte speel.

tweedevlakroep (1. two bid opening, 2. second level bidding)

1. 'n Insetbod in 'n kleur of in geen troef op die tweede vlak, byvoorbeeld 2 skoppens of 2 hartens. Ook tweevlakinset.
2. Wanneer die roep so gevorder het dat 2 van 'n kleur of 2 geen troef geroep moet word om voort te gaan.

tweekaart (doubleton)

Waar net twee kaarte van 'n spesifieke kleur aan 'n speler gedeel is.

tweekleurhand (two suiter hand)

'n Hand wat lengte in twee kleure het, meestal vyf of ses kaarte in elke kleur, dog soms vier kaarte in een van die twee kleure.

tweevlakinset (two bid opening)

'n Insetbod van 2 klawers, 2 ruitens, 2 hartens, 2 skoppens of 2 geen troef. Kyk ook tweedevlakroep.

tydmeter (timer)

Toestel wat tydens wedstryde gebruik word om die toelaatbare tyd vir die speel van 'n hand te meet waarna dit soos 'n wekker lui om aan te dui dat speel van die hand of hande in 'n rondte voltooi moet wees.

tydsbepaling (time-limit)

Vasstelling van 'n tydsduur waarin 'n hand of die hande in 'n rondte gespeel moet wees, gewoonlik 6 tot 7 ½ minute per hand, afhangende die getal hande wat vir 'n rondte voorgeskryf is.

tydsberekening (timing)

Besluitneming oor wat wanneer geroep en gespeel moet word om die beste te presteer.

uitdeling (deal)

Al 52 kaarte van 'n pak wat tussen die vier spelers by een tafel verdeel is.

uitdwing (drive out, force out)

Om die teenpaar te verplig om hoë kaarte te speel.

uitgangskkaart (exit card)

Die kaart wat dit moontlik maak om die teenpaar op 'n gepaste tydstip 'n pakkie te laat wen tot voordeel van die betrokke speler.

uitgedun (show out)

Geen kaarte meer van 'n bepaalde kleur hê nie.

uitklophou (uppercut)

Met 'n hoë kaart troef sodat 'n troef van 'n speler se maat in 'n moontlike wenner omskep kan word.

uitklopkrasmeting (knock-out match)

'n Wedstryd of toernooi waar die wenners in elke rondte verder deurdring en die verloorders uitgeskakel word.

uitkom ("opening" lead)

Om die eerste kaart in die eerste rondte te speel, dit is die eerste kaart nadat die kontrak bepaal is.

uitkomkaart (opening lead)

Die eerste kaart wat gespeel word nadat die kontrak bepaal is.

uitput (exhaust)

ontneming van 'n teenspeler van al sy kaarte in 'n bepaalde kleur deur daardie kleur herhaaldelik te speel.

uitsittafel (sit-out table)

Die tafel waar 'n skimpaar moet speel en dus het die teenpaar 'n vrybeurt. Kyk ook halwe tafel.

uitspeel (run - a suit)

Al die kaarte van 'n kleur speel omdat hulle wenners is.

vaardigheidstoets (qualifying session)

1. Wanneer meer inskrywings vir 'n krasmeting ontvang word, word net die eerste inskrywings aanvaar, of soms word van die minder ervare spelers verwag om vooraf onderling op 'n uitklopgrondslag teen mekaar te speel om die getal spelers te verminder.

2. Wanneer daar twee of meer trekke gespeel word, mag een of meer daarvan gebruik word om die beste spelers te keur om vervolgens teen mekaar te speel.

vaardigheidsyfer (skill rating)

Getalwaarde van 'n brugspeler se vermoëns gegrond op die jongste bewese prestasies aangepas by die getal spelers teen wie in die wedstryde deelgeneem is. Die vaardigheidsyfer word gewoonlik gebruik by die opstel van 'n ranglys vir die spelers.

vakkie (pocket)

Gleuf van 'n laai of vousakkie waarin die onderskeie hande van die vier spelers geplaas word.

val (drop)

Wanneer 'n speler verplig word om 'n hoë kaart op 'n nog hoër kaart te speel omdat hy geen ander kaart van daardie kleur in sy hand het nie.

valskaart (false card)

Wanneer 'n verdediger 'n sekere kaart binne die reëls van die spel speel om die troefmaker opsetlik te mislei.

vas (dead)

Dit word gesê wanneer 'n groter kaart in 'n voorhand is en die speler na hom dit met 'n nog groter kaart sal onderskep wanneer dit gespeel word.

veilige spel (passive play)

Spel wat die teenpaar onwaarskynlik moeilikheid sal besorg, maar wat ook geen voordeel vir die teenpaar sal inhou nie.

veld (field)

Al die deelnemers aan 'n wedstryd of toernooi.

vendusiebrug (auction bridge)

Hierdie was die eerste vorm van moderne brug en kontrakbrug het hieruit ontwikkel. Anders as in kontrakbrug is daar min afsprake en indien meer pakkies as die kontrak gewen is, tel dit ook onder die lyn as bydrae tot 'n been of kap. Vendusiebrug is 'n ligtelike en verouderde spel.

vennootskap (partnership)

Twee spelers wat as spanmaats saam teen ander brugspelers wedywer.

verbeur (forfeit)

Om 'n reg of 'n geleentheid om te roep, te verloor.

verbode bod/spel (barred bid/play)

Wettige strafmaatreeël ingestel wanneer 'n speler die brugreëls om enige rede, doelbewus of per abuis, verbreek het.

verbreking van 'n reël (infraction or violation of a law)

Opsetlike of onopsetlike afwyking van wat voorgeskryf is en wat aldus daarop neerkom dat die nie-oortredende paar benadeel word.

verby (no bid, pass)

'n Roep wat te kenne gee dat 'n speler in daardie bepaalde stadium nie 'n bod wil maak nie.

verdediger (defender)

Enigeen van die twee spelers wat teen die troefmaker speel.

verdeling (distribution, hand pattern)

Die manier waarop die onderskeie kleure in een speler se hand versprei is of waarop 'n bepaalde kleur tussen al vier spelers versprei is.

verdelingspunte (distributional points)

Punte wat bereken word volgens die manier waarop die kaarte in die onderskeie kleure in 'n hand verdeel is. Gewoonlik word 3 punte by die hoëkaartpunte gevoeg as die hand nul in 'n kleur is, 2 punte as daar net een kaart van 'n kleur in die hand gedeel is, en 1 punt vir 'n tweekaartkleur. Daar bestaan ook ander minder bekende wyses van berekening van verdelingspunte.

vereniging (union)

Meer as een tuiste wat kragte saamsnoer tot voordeel van die gemeenskaplike doelwit soos om brug saam te geniet en te bevorder.

vergadering (meeting)

Samekoms van die lede van 'n bepaalde groep spelers om sake waarvoor die byeenkoms gereël is, te bepreek en opvolgende aandag daaraan te gee.

verkenningsspel (discovery play)

Speel met die oog daarop om te probeer vasstel waar ongesiene kaarte is.

verkorte Howell (reduced Howell)

'n Vermindering van die getal hande wat die volle Howell-wisseling vir 'n trek of wedstryd voorskryf.

verletbod (delayed bid)

'n Bod wat deur een van 'n paar gemaak word nadat albei maats eers verby gegaan het.

verloorder-op-verloorder (loser-on-loser)

Die voorspel van 'n verloorkaart deur die troefmaker uit die een hand waarop 'n verloorkaart van 'n ander kleur uit die ander hand weggegooi word sodat slegs een pakkie verloor word in plaas van twee.

verloorkaart (loser)

'n Kaart waarmee 'n pakkie nie gewen kan word nie.

vermyding (avoidance)

Doelbewuste plan of spel wat daarop gerig is om te keer dat 'n bepaalde speler in 'n volgende rondte eerste moet speel.

versamelde telling (aggregate score)

Al die tellings wat ten opsigte van elke gespeelde hand behaal is, bymekaar getel sonder dat dit deur middel van 'n glyskaal verklein is.

versoekbod (invitation bid)

Boodskap aan 'n speler se maat om weer te roep as hy gepaste kaarte het. Byvoorbeeld, 1 geen troef gevolg deur 2 geen troef beteken gewoonlik dat die eersteroeper die roep moet verhoog na 3 geen troef toe indien hy 'n sterker hand het as die minste punte om 'n inset van 1 geen troef te maak.

verspreiding (distribution)

Kyk verdeling.

verstandhouding (understanding)

Kyk afspraak.

versuim (revoke)

Nalaat om kleur te beken terwyl dit wel moontlik is.

vertoonde kaart (exposed card)

'n Kaart wat foutiewelik gespeel is of wat op enige wyse onregmatig vertoon is. Dikwels is 'n kaart per abuis laat val. In sodanige gevalle word die skuldige op die een of ander wyse gestraf omdat dit sy maat se spel kon bevoordeel.

vertoonspel (exhibition play)

Spel om brug aan meer mense bekend te stel en sodoende nuwe spelers te werf. Dit gaan gewoonlik gepaard met wye reklame.

vervangroep (substitute call)

'n Roep wat in die plek van 'n ingetrekke roep gestel word, gewoonlik wanneer 'n onreëlmatigheid plaasgevind het.

verwagte pakkies (playing tricks)

Die getal pakkies waarop 'n speler reken hy behoort te wen as hy troefmaker sou word.

vierdehand (fourth hand)

1. Vierdehand kry eers die geleentheid om te roep nadat die ander drie spelers die geleentheid gehad het.
2. Die speler wat in elke rondte die laaste kaart in daardie rondte moet speel.

vierdehoogste (fourth-best, fourth-highest)

Daar is dus drie ander kaarte in dieselfde kleur hoër as die betrokke kaart in 'n speler se hand.

vierkaart-hoofkleur (four-card major)

Hartens of skoppens waarin daar vier kaarte gehou word. Gewoonlik is daar 'n verstandhouding tussen twee maats dat 'n insetbod in een van die twee hoofkleure met minstens vier kaarte in daardie kleur gemaak word.

viertal (foursome, team of four)

'n Vorm van naspeelbrug waarin vier spelers as 'n span om die beurt teen ander spanne van vier spelers elk speel. Die uitslag word volgens 'n glyskaal bereken. Viertalle word as een van die meer opwindende en betroubare toernooispele gereken. Kyk ook span.

vlak (level)

Die getal pakkies bo ses wat 'n brugspeler onderneem om te wen, byvoorbeeld, 'n bod van een is 'n bod op die eerste vlak wat beteken 'n onderneming om sewe pakkies in daardie toedeling te wen en 'n bod van vier is 'n bod op die vierde vlak.

volgbod (response)

Die antwoord van 'n speler op sy maat se inset.

volgkaarte (sequence)

Twee of meer kaarte opeenvolgend in rang in dieselfde kleur, byvoorbeeld V - B - 10 van hartens.

volgreeks (sequence)

Kyk volgkaarte, dog 'n reeks bestaan uit minstens drie kaarte.

volgroeper (responder)

Die speler wie se maat voor hom 'n bod gemaak het en van wie verwag word om op een of ander wyse op te tree.

volhouteken (come-on signal)

'n Aanduiding deur 'n verdediger aan sy maat, gewoonlik deur die speel van 'n groter kaart of 'n ewe of onewe kaart, dat hy moet aanhou om die betrokke kleur te speel.

volle punte (total points)

1. Die volledige onverkorte puntetelling soos voorgeskryf deur en toegeken volgens die erkende wêreldwye brugreëls en wat gewoonlik eerste op die telkaart neergeskryf word.
2. Hoëkaartpunte, verdelingspunte en hulppunte gesamentlik.

volmaakte hand (perfect hand)

'n Hand waarmee dertien pakkies gewen sal word ongeag met watter kaart uitgekome word en ongeag die verdeling in die ander hande.

volvoerde pakkie (quitted trick)

Al vier kaarte wat in daardie pakkie gespeel is, is met beeldsye na onder gedraai.

voordeel (game)

In naspeelbrug 'n telling van minstens 100 punte wat met die speel van een hand behaal word en waarby toegifte gevoeg word om die prestasie te beloon.

voorgeespel (handicap)

By aanvang van 'n kragmeting 'n tellingvoordeel aan swakker spelers gegee sodat die kanse om te wen vir alle spelers min of meer gelyk is.

voorhandse (teen)speler (right hand opponent)

Die speler wat regs van 'n betrokke speler sit.

voorkeurbod (lead-directing bid, preference bid)

1. 'n Bod wat hoofsaaklik gemaak word om die roeper se maat met 'n kaart van 'n sekere kleur te laat uitkom omdat dit takties die beste spel sal wees.

2. Die keuse wat 'n volgroeper gemaak het nadat sy maat twee verskillende kleure aangebied het.

voorkeurdoeblering (lead directing double, suit preference double)

Doeblering met die uitsluitlike doel dat die maat met 'n bepaalde kaart of kleur moet uitkom, soos vooraf ooreengekom.

voorkeurteken (preference signal, suit signal)

Boodskap wat tydens die spel deur middel van die spel van 'n sekere kaart deur 'n verdediger aan sy maat gegee word om aan te dui watter kleur hy moet voorspel indien hy weer 'n kans kry.

voorsitter (chairman, president)

Ervare en gerespekteerde persoon wat op 'n algemene vergadering gekies word om leiding aan die brugspelers te gee ten opsigte van bestuur en om orde te handhaaf. President is 'n anglisisme in hierdie opsig.

voorskrif (by-law, regulation)

Aanvullende vereiste ondergeskik dog in ooreenstemming met die spelreëls vir brug en/of met die bepalinge in die grondwet van die betrokke beheerliggaam vervat.

voorspel (lead)

Om die eerste kaart in enige rondte te speel. Dit behels die spel van die uitkomstkaart of die vrakaart.

voorspel deur sterkte (lead through strength)

Beginsel in verdediging om 'n kaart van 'n gebroke kleur in die oophand voor te speel wanneer die oophand aan die voorspeler se linkerhand is en hy nie self hoë kaarte in daardie kleur het nie.

voorspel na swakte (lead up to weakness)

Beginsel in verdediging om 'n kaart voor te speel van 'n kleur in die oophand wanneer die oophand aan die voorspeler se regterhand is en daar net kleiner kaarte in is.

voorspelkaart (lead)

Kyk vrakaart.

voorspelstraf (penalty lead)

Straf wat 'n paar opgelê word omdat een van hulle 'n bod gemaak, dit toe ingetrek of verander het en hy word 'n verdediger. Gewoonlik kan die troefmaker 'n bepaalde voorspel eis.

voorspeler (leader)

Die persoon wat die eerste kaart vir enige pakkie speel.

voortgang (progression)

1. Wisseling van spelers na 'n volgende tafel tydens 'n wedstryd.

2. Wisseling van die voutsakkies of laaie (hande) in naspeelbrug.

3. Verdere verloop of aangaan van die spel.

voortydige uitkom of speel (premature lead or play)

Wanneer 'n speler uit sy beurt 'n kaart speel.

vousakkie (bridge wallet, wallet)

Soortgelyk aan 'n laai behalwe dat dit gewoonlik vier vakkies in 'n sagte opvoubare plastiekhouer is. Soos in die geval van laaie bestaan 'n stel gewoonlik uit 32 vousakkies.

vousakkies deel (sharing boards/wallets)

In sommige uitgewerkte wisselings is dit nodig dat die spelers by twee tafels in dieselfde rondte om die beurt hande uit dieselfde vousakkies of laaie moet speel terwyl dit nie by die ander tafels die geval is nie.

vrabod (asking bid)

Manier van roep waarvolgens die roeper kan bepaal in watter mate sy maat beheer in 'n sekere kleur het.

vrakaart (lead)

Die eerste kaart wat in enige rondte gespeel word, insluitend die uitkomkaart.

vrou (queen)

Die derdehoogste kaart in rangorde in elke kleur, aangedui met die kenteken V.

vrybeurt (bye)

1. Wanneer 'n onewe getal pare aan 'n wedstryd deelneem en daar in elke rondte 'n paar is wat nie in daardie rondte kan deelneem nie, dan het hulle 'n vrybeurt. Kyk ook skimpaar.
2. In die geval waar daar vir 'n span in 'n reeks wedstryde by 'n bepaalde geleentheid nie teenspelers is nie en hulle dan 'n beurt moet afwag of na die volgende rondte vorder sonder om te speel.

vrye snit (free finesse)

Wanneer sonder enige gevaar gesny kan word, byvoorbeeld waar die laaste hand die A (aas) en V (vrou) hou, of wanneer die troefmaker nul of uitgedun in 'n kleur is en kan troef as die snit sou misluk.

vryetydwetenskap (leisure time science)

In eie reg is brug 'n studieveld wat berus op kennis van gerangskikte feite, statistiese waarskynlikhede en wette, verkry en bewys deur noukeurige waarneming, proefneming en logiese beredenering wat konsentrasie en gedissiplineerde denke opskerp. Benewens breinvermoë verbeter brug ook 'n mens se liggaamlike en geestesgesondheid. Dan is daar nog die voordeel dat dit gesellige liggaamlike ontspanning is.

vrywillige bod (free bid)

Roep wat 'n speler maak sonder dat die omstandighede hom verplig om te roep, veral nadat 'n teenspeler laaste geroep het.

vrk (fork, tenace)

Die hou van twee kaarte in dieselfde kleur wat op een na opeenvolgend in rang is, byvoorbeeld die besit van A - V of H - B.

vyfkaart-hoofkleur (five-card major)

Hartens of skoppens waarin daar vyf kaarte gehou word. Soms is daar 'n verstandhouding tussen twee maats dat 'n insetbod in een van die twee hoofkleure met minstens vyf kaarte in daardie kleur gemaak word.

waardering (valuating)

Vasstelling van die sterkte van 'n hand. Meestal word 'n beproefde maatstaf van beoordeling aangewend en in 'n syferwaarde uitgedruk.

wanpassing (misfit)

Hande van vennote wat nie goed by mekaar pas nie en dus, ten spyte van voldoende hoë kaarte, nie sterk saamgevoegde waarde het nie.

wedstryd (competition, event, match)

Een of meer trekke van mededinging tussen dieselfde ingeskrewe brugspelers om mekaar te probeer oortref. Die afloop van die onderskeie trekke word ineengeskakel om een wennerlys te verkry.

wedstrydpunte (match points)

Punte wat ten opsigte van elke gespeelde hand in 'n parewedstryd toegeken word aan die pare wat 'n telling behaal het wat gelyk of meer is as die telling van ander pare wat dieselfde hand in dieselfde rigting (NS of OW) gespeel het. Dit is 2 punte vir elke paar wat hulle klop en 1 punt vir gelykoptellings.

wedstrydpunte-per-hand (board-a-match)

Telwyse vir viertalle waar wedstrydpunte volgens 'n gyskaal aan die uitslag van elke hand toegeken word.

weggooi (discard)

Om 'n kaart te speel anders as die kleur wat gevra is en wat nie 'n troef is nie. Gewoonlik word 'n verloorkaart weggegooi as dit moontlik is.

weifeling (hesitation)

Langer neem om 'n roep te maak of 'n kaart te speel as wat normaalweg gedoen word. Onderbreking in die ritme.

wen (take)

Die insameling, verkryging, verwesenliking van pakkies. Kyk ook neem.

wenk (signal)

Kyk teken.

wenkaart (honour trick, winner)

Kyk wenner.

wenkbod (cue bid)

Bod in 'n kleur wat die roeper nie as troewe begeer nie, maar wat 'n teken vir sy maat is, byvoorbeeld deur 'n kleur te roep wat die teenpaar geroep het as 'n aanduiding dat die teenpaar se kleur in die eerste rondte wat dit gespeel word, gekeer kan word.

wenkdoeblering (negative double)

Doeblering van die teenpaar se hoër roep, op die eerste of op die tweede vlak, om aan te dui dat die maat se roep nie ondersteun kan word nie, dat die teenpaar se roep nie gewens is nie, en dat oor minstens vier kaarte in elk van die ander twee kleure beskik word. Die maat word dus gedwing om minstens nog een keer te roep. So 'n doeblering dui gewoonlik minstens 7 punte in die doeblerder se hand aan.

wenkkaart (attitude signal, signal card)

Aanduiding van belangstelling of gebrek aan belangstelling deur 'n verdediger dat sy maat 'n kaart van 'n bepaalde kleur moet voorspeel of liever vermy. Dit word gewoonlik gedoen deur 'n 6 tot 9 of onewe kaart te speel om belangstelling in die aangeduide kleur te toon en 'n 2 tot 5 of ewe kaart om ontmoedigend op te tree.

wenner (honour trick, winner)

'n Kaart wat 'n pakkie geneem het of wat normaalweg 'n pakkie behoort te neem.

wennerslys (winners' list)

Die reeks van name van deelnemers in volgorde van die plekke wat in 'n kragmeting behaal is.

Wêreld Brugfederasie (WBF) (World Bridge Federation)

Die hoogste beheerliggaam in die wêreld wat omsien na die ordening van brug. Alle nasionale brugliggame, streeksverenigings en plaaslike groepe by die WBF geregistreer, is aan die WBF se reëls, voorskrifte en beslissings gebonde.

werkkleur (working suit)

Nadat die troefmaker aanvanklik die seker pakkies getel het, let hy op in watter kleur (die werkkleur) hy moontlik meer pakkies kan ontwikkel.

Wes (West)

Die speler wat in die westelike windstreek by 'n tafel plek ingeneem het. Kyk ook Noord.

wetenskaplik (scientific)

Roep- en speelwyse waar die maats poog om hulle hande so noukeurig as moontlik te beskryf en 'n foutlose speelwyse te vind.

wissel (move)

In naspeelbrug die omruil van spelers na ander tafels nadat spel by bepaalde tafels afgehandel is.

wisseling (movement)

Stelsel waarvolgens spelers van tafels verwissel. Meestal word die Howell-wisseling vir tot 8 tafels (32 spelers) gebruik en die Mitchell-wisseling vir 8 tafels of meer (enige van die twee vir 8 tafels), maar daar bestaan ook ander wisselings wat minder gebruik word.

x (x)

Hierdie aanwysing word in geskifte oor brug en op telkaarte gebruik om enige kaart kleiner as 'n 10 aan te dui. Dit moet nie met die hoofletters X en XX, wat as skryftekens/afkortings gebruik word, verwar word nie. Kyk afkortings hieronder.

Enkele afkortings:

Die gebruik van afkortings in brug is nie so algemeen nie omdat dit verwarring kan veroorsaak. Brug is 'n spel wat wêreldwyd gespeel word en dieselfde afkortings of letters kan 'n ander betekenis in 'n ander taal hê. Tog is sommige afkortings/skryftekens geredelik dienstig waar dit langer woorde op byvoorbeeld telkaarte kan vervang.

Dit is gebruiklik om die enkele afkortings deurgaans met hoofletters aan te dui. Let daarop dat die letter S op telkaarte op skoppens en op Suid betrekking het, maar dit kan nooit verwarring veroorsaak nie omdat die een nooit as 'n plaasvervanger vir die ander ingespan kan word nie.

Die afkortings is op die volgende bladsy toegelig.

GT	=	geen troef
GTL	=	glytelling
H	=	hartens ¹
K	=	klawers ¹
MP	=	meesterpunte
N	=	Noord
N/S	=	die paar wat noord en suid plekke ingeneem het
O	=	Oos
O/W	=	die paar wat oos en wes plekke ingeneem het
PP	=	prestasiepunte
R	=	ruitens ¹
S	=	skoppens ¹
S	=	Suid
W	=	Wes
WBF	=	WLreld Brugfederasie
WP	=	wedstrydpunte
x	=	enige kaart kleiner as 'n 10
X	=	doebleer (in brugrubrieke en op roepkaarte)
XX	=	herdoebleer (in brugrubrieke en op roepkaarte)
*	=	gedoebleer (so op telkaarte aangedui)
**	=	herdoebleer (so op telkaarte aangedui)

¹ Die name van die onderskeie kleure word slegs op telkaarte afgekort wanneer dit met die hand geskryf word, maar dikwels met die betrokke kentekens aangedui wanneer dit gedruk word.

AANVULLEND

Enkele Afrikaanse benamings vir wisselstelsels wat meer bekend is in Engels.

appendix Mitchell	-	aanvul-Mitchell
double weave Mitchell	-	kriskras-Mitchell
expanded Mitchell	-	langer-Mitchell
interwoven Howell	-	netwerk-Howell
pivot Mitchell	-	wentel-Mitchell
curtailed Mitchell	-	korter-Mitchell
scrambled Mitchell	-	klouter-Mitchell
stanza Howell	-	koppel-Howell

Voorpunt Brug-akademie is gestig om:

1. Die kaartspel brug te bevorder, aan te moedig en in die algemeen te steun en te beskerm.
2. Die talryke voordele van brugspeel bekend te stel soos ontwikkeling van breinvermoë en voorkoming van siektes as gevolg van versterking van 'n mens se immuunstelsel.
3. Nuwe brugspelers te werf en te onderrig.

Voorpunt Brug-akademie

Tel. 072-407-1476 Vonkpos: jodorf@mweb.co.za